

DIE OPGRAWINGS, OPMETINGS, DATERINGS EN ONTLEDINGS

'At all costs, all archaeologists need to remember that, like Antaeus, they must continue to "touch the earth" or they will lose their strength.' (Jesse D. Jennings soos aangehaal in Flannery & Marcus 1996:362.)

1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die resultate van toetsopgrawings op elf Latere Ystertydperk vindplekke (of gedeeltes daarvan) bespreek wat tydens die vindplekopname in Suidoos- en Sentraal-Marico opgespoor is. Die seleksie van die opgegraafde terreine in die navorsingsgebied was daarop gerig om die hele chronologiese periode te dek wat etnohistories ondersoek is, dit wil sê die periode van ongeveer die middel van die vyftiende eeu n.C. tot kort na die ontruiming van Kaditshwene in die twintigerjare van die vorige eeu. Geen uitgebreide opgrawings is op 'n enkele terrein onderneem nie, maar daar is eerder gepoog om 'n toepaslike seleksie van terreine argeologies te ondersoek ten einde die inligting wat van mondelinge en skriftelike bronne verkry is, asook die bevindinge van vroeëre argeologiese ondersoeke in die navorsingsgebied, te kontroleer, te verifieer of aan te vul.

'n Belangrike oogmerk van die opgrawings was dus om voldoende dateringsmateriaal in te samel ten einde die vestigingschronologie te toets wat in hoofstuk II aan die hand van die opgetekende oorleweringe van veral die Hurutshe saamgestel is. Met die oog daarop, asook om soveel inligting as moontlik oor die leefwyse van die Latere Ystertydperkbewoners in te win, is veral ashope opgegrawe, aangesien dit gewoonlik voldoende houtskool, artefakte en faunarestes oplewer. Verdere inligting oor die destydse bestaanswyse is verkry deur 'n ondersoek na argeologiese strukture of verskynsels, waaronder hutvloere en smeltoonde, asook deur die kartering van die opgegraafde terreine met die oog op die rekonstruksie van vestigingspatrone.

Slegs die opgrawings op vindplekke wat uit die Latere Ystertydperk dateer, word in hierdie hoofstuk bespreek. Hoewel enkele potskerwe wat kenmerke van die Eiland-Broadhurstvariant van die Vroeë Ystertydperk vertoon op twee vindplekke, 2526CA4 en 2526AC6, aangetref is, is daar, soos in hoofstuk III, afdeling 4.b, aangedui is, geen vindplek in die navorsingsgebied opgespoor wat uit hierdie fase (± 1000 tot ± 1400 n.C.) dateer nie. Soos in hoofstuk I, afdeling 1, genoem is, verteenwoordig terreine met potwerk van die Eiland-Broadhurststyl 'n variant van die derde of eindfase van die Vroeë Ystertydperk. Dit het in groot gedeeltes van die Suid-Afrikaanse binneland die aanvang van die Vroeë Molokofase van die Latere Ystertydperk voorafgegaan en in Botswana klaarblyklik tot in die veertiende eeu n.C. (of vyftiende eeu volgens die jongste kalibreringsprogram) voortgeduur (kyk Denbow 1981:66). In die bespreking van die opgrawingsresultate van terrein 2526AC8a op Rietfontein 89 JP word weer na die Eiland-Broadhurstvariant en die moontlike invloed daarvan op die Vroeë Molokopotwerk verwys.

Voorts het 'n reddingsopgrawing op 2526AC15, 'n vindplek op die plaas Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP, aangetoon dat Ystertydperklambouers selfs nog vroeër in die sentrale deel van Marico aanwesig was. Soos in die vindplekopname in hoofstuk III, afdeling 4.b, aangedui

is, is hierdie vindplek, wat sowat 50 cm onder die grondoppervlak lê, toevallig tydens die skraap van 'n damafvoersloot ontdek (kyk foto 4). Dit is aan die Mokgola (Klipspruit) geleë, naby waar die Mogolongwane en die Ratshukudu (Olifantspruit) daarby aansluit (GPS-lesing: 25° 19' 16,7" suid; 26° 09' 05,09" oos). Ten minste ses hutpuinkonsentrasies en een 'asput', wat ongeveer 60 x 40 cm wyd en minstens 40 cm diep was, kon in die oopgeskraapte gedeelte van die Mokgolaterrein onderskei word.

'n Bespreking van die opgrawingsvondste van die Mokgolavindplek val buite die bestek van hierdie studie, maar die veertien versierde potskerwe wat teruggevind is (kyk figuur 5.1 en 5.2), toon op grond van kwalitatiewe indrukke heelwat ooreenkoms met dié van Vroeë Ystertydperk vindplekke naby Rooiberg in die Noordelike Provinsie en in Oos-Botswana. Dertien van die versierde skerwe is op die oopgeskraapte oppervlak versamel, terwyl een uit laag 3 (MKG1.1.3) van die 'asput' opgediep is. Veral die visgraatpatroon is 'n opvallende versieringsmotief. Die ooreenstemmende Vroeë Ystertydperkpotwerk in die omgewing van Rooiberg, wat as 'Rooiberg Unit 1' geklassifiseer is, is ongedateer maar word op tipologiese gronde deur Simon Hall (1981:iii, 156) tot die negende eeu n.C. gereken. Raserura 001, die vindplek naby Mochudi in Kgatleng in die suidoostelike deel van Botswana met ooreenstemmende potwerk, het 'n radiokoolstofdatum (geen laboratoriumnommer) van 1130 ± 80 voor die hede opgelewer wat soos volg gekalibreer kan word: 883(980)1018 (Segobye 1987:46). Hierdie datum korreleer met die radiokoolstofdatum wat van Mokgola verkry is. Houtskool uit laag 2 (MKG1.1.2) van die 'asput' op 'n diepte van tussen 60-70 cm benede die huidige grondoppervlak is op 1090 ± 50 voor die hede gedateer (Pta-6205) en kalibreer soos volg: 974(1002)1022. Hieruit kan afgelei word dat swart landbouers reeds in die Vroeë Ystertydperk in Sentraal-Marico aanwesig was, maar slegs verdere navorsing sal uitsluitel kan gee oor die vraag of hulle Sentraal-Marico, en spesifiek die Enselsbergomgewing, onafgebroke vanaf ongeveer die tiende eeu n.C. tot aan die begin van die Latere Ystertydperk teen ongeveer die middel van die vyftiende eeu n.C. bewoon het.

2. VELDWERKMETODES EN ANALITIESE PROSEDURES

In die opgrawings is daar van die standaardmetodes gebruik gemaak wat by argeologiese opgrawings geld. Weens die groot omvang van die meeste terreine en die opsigtelikheid van die argeologiese oorblyfsels is geen ruitenetstelsel gebruik nie, maar het die aard en die konteks van die argeologiese strukture en verskynsels ('features'), soos byvoorbeeld klipmure, hutvloere, smeltoonde en vuurherde, die opgrawingstrategie bepaal. Martin Hall (1996:103) verantwoord hierdie benadering soos volg: 'Grid systems of horizontal control work well with smaller archaeological sites, and are now almost universally used in rock-shelter excavations. However, they are cumbersome on larger sites where they can be difficult to map out accurately. In these situations, the archaeologist may choose to define the site as a cluster of features, such as pits, small midden deposits, stone foundations or clusters of potsherds. In this system of horizontal control, each feature is accurately mapped as an individual point, and then excavated independently.'

Weens die kort tydsdiepte van die bewoning van die meeste terreine, asook die beperkte skaal van die meeste opgrawings, was die stratigrafiese data van beperkte omvang. Hoewel die toetsopgrawings in ashope in arbitrêre lae van 10 cm uitgevoer is, is daar nietemin voortdurend gelet op die moontlike voorkoms van besondere konsentrasies van bepaalde vondste in die

afsettings, aangesien dit moontlik tot die identifisering van bepaalde momente in die akkumulاسie daarvan kon lei. Slegs die ashoopafsetting op Kaditshwene (opgrawing KLF1.1 op Kleinfontein [of Olifantspruit] 62 JP) het 'n beduidende stratigrafie vertoon wat in 'n profieltekening gedokumenteer is. Benewens die insluiting van plantekeninge van die opgegraafde strukture wat veral vir analitiese doeleindes benut is, word die opgrawings ook ruimskots met behulp van foto's gedokumenteer. Foto's gee nie alleen 'n treffende visuele voorstelling van die opgegraafde of ondersoekte strukture nie, maar is soms die betroubaarste dokumentasiemedium in Latere Ystertydperknavorsing.

Al die opgegraafde materiaal is met behulp van 'n sif met 'n maas van 1 mm gesorteer en, met die uitsondering van terrein 2526AD5 op Riekersdam 109 JP en terrein 2526CB4(a-c) op Magozastad 248 JP wat met 'n alidade opgemeet is, is al die opgegraafde terreine met behulp van 'n teodoliet gekarteer. Al die basispenne is met sement in die grond bevestig. In navolging van die praktyk in verband met die kartering van Molokoterreine (kyk Dreyer 1992; Evers 1981; Huffman 1988; Mason 1986; Pistorius 1992; Taylor 1979), is kontoerlyne en hellingsgradiënte nie op die planne ingesluit waarin die uitleg van die opgegraafde terreine aangedui word nie. Vanweë die beperkte omvang van die opgemete areas en die ongekompliseerde stratigrafie van enkelkomponentterreine, sou sodanige topografiese inligting van beperkte nut wees in die interpretasie van die stratigrafiese konteks van vondste of die rekonstruksie van vestigingspatrone. Voorts moet daarop gewys word dat hoewel die grootste sorg met die opmetings aan die dag gelê is, 'n mate van subjektiewe of foutiewe interpretasie nooit uitgeskakel kan word nie, veral vanweë die gefragmenteerde of vervalde aard van sommige strukture en die omvang van bosindringing in klipbouvalkomplekse.

Bogenoemde opgrawingstrategie is eerstens gevolg omdat argeologiese vindplekke 'nie-hernubare hulpbronne' is, sodat vernietiging van argeologiese afsettings tot die minimum beperk behoort te word. Tweedens het die toetsopgrawings die eerste verkenning van die inhoud van die afsettings van die betrokke argeologiese terreine behels en kon voldoende data op hierdie wyse verkry word om die oogmerke van die projek te bereik. Derdens het talle opgrawings wat op soortgelyke wyse op ooreenstemmende Ystertydperkterreine uitgevoer is, bevestig dat slegs beperkte stratigrafiese inligting van ashoop op klipbouvalterreine in die historiese woongebied van die Sotho-Tswana verkry kan word (kyk veral Mason 1986:440; Pistorius 1992:29). Vierdens dui die groot aantal beskikbare radiokoolstofdatums vir klipbouvalterreine uit die Ystertydperk in die voormalige Wes-Transvaal volgens dr. J.C. Vogel (persoonlike mededeling, 5 Augustus 1996) daarop dat die ashoop waarskynlik oor betreklik kort periodes gevorm het. Hoewel dit moontlik is dat die ashoop óf van tyd tot tyd verskuif is, óf dat hulle eerder horisontaal as vertikaal geakkumuleer het, is dit waarskynliker dat die klipmuurterreine bloot vir kort periodes bewoon is. Soos in hoofstuk II, afdeling 3 en 7, aangetoon is, dui die mondelinge oorleweringe van die Bahurutshe boomenwe daarop dat hulle hul hoofsetel gereeld verskuif het, 'n patroon van vestigingsmobiliteit wat ook onder ander Tswanagroepe aangeteken is.

Soos uit die bespreking sal blyk, is die opgegraafde terreine in Suidoos- en Sentraal-Marico breedweg in twee fases indeelbaar, naamlik Vroeë Molokoterreine wat die periode van ongeveer die middel van die vyftiende eeu n.C. tot die middel van die sewentiende eeu n.C. dek, en Latere Molokoterreine waarvan die bewoning van ongeveer die middel van die sewentiende eeu tot aan die begin van die historiese tydperk in die vroeë negentiende eeu gestrek het. Hierdie breë indeling van die Latere Ystertydperk word, soos in hoofstuk I, afdeling 1, aangetoon is, tans deur die meeste argeoloë gevolg wat oor die voorgeskiedenis van die Sotho-Tswana navorsing doen.

Daar is ook in dieselfde hoofstuk verduidelik dat die term Molokotradisie in navolging van Evers (1983) deur verskeie navorsers gebruik word om na die argeologiese rekord, veral die potwerk, van die Sotho-Tswana te verwys.

Geen gedetailleerde stilistiese analise van die keramiekoorblyfsels is onderneem nie, maar die oorgrote meerderheid van die versierde potwerk is deur middel van sketse gedokumenteer. Stilistiese potwerkanalises dien gewoonlik as hulpmiddel om etniese of taalkundige groeperinge in die argeologiese rekord te onderskei (kyk Evers & Huffman 1988:740; Huffman 1989:156), maar soos die ontleding van die mondelinge oorleweringe van die Hurutshe en die resultate van vorige argeologiese navorsing in die ondersoekgebied aangetoon het, is daar geen twyfel dat die Latere Ystertydperkoorblyfsels van Suidoos- en Sentraal-Marico met die Tswana verbind kan word nie. In hierdie verband kan daar ook na die volgende opmerking van Evers (1983:261) oor die potwerk van Latere Ystertydperkterreine in die sentrale, suidelike en westelike dele van die voormalige Transvaal verwys word: 'The point at issue is not the identity of the Iron Age material dating from c. 1200 - 1820, as Mason's comment above on my lack of knowledge of the Olifantspoort material might suggest. Both Mason and I agree that this material is ancestral Sotho-Tswana.'

Trouens, veral ten opsigte van die eindfase van die Latere Ystertydperk is dit moontlik om bepaalde terreine aan die hand van mondelinge oorleweringe of dokumentêre bronne spesifiek met die Hurutshe of ander Tswanagroepe in die navorsingsgebied te verbind. Hoewel daar uiteenlopende sieninge bestaan oor die betroubaarheid van die onderskeid van etniese groeperinge op grond van potwerkstyl (kyk Hall 1984 vir 'n kritiese evaluering), sou dit teoreties wel moontlik wees om potwerkstyle te ontleed ten einde die verband tussen en ontplooiing van bepaalde stamgroeperinge onder die Tswana te probeer bepaal. 'n Belangrike struikelblok in hierdie verband is dat veral die klipbouvalterreine wat uit die sewentiende tot vroeë negentiende eeu dateer (dit wil sê, die Latere Molokoterreine), min versierde potwerk oplewer, soos onder andere deur die meer uitgebreide opgrawings op Vergenoegd (Mmakgame), suidwes van Zeerust, en Selonskraal (Molokwane), naby Rustenburg, bewys word (Mason 1986; Pistorius 1984, 1992). Soos in hoofstuk I, afdeling 4, genoem is, het Mason se opgrawing op Vergenoegd van drie ashope, vier hutvloere en vier areas wat deur klipmure omsluit is, slegs 60 versierde potskerwe opgelewer.

Die situasie is effens anders in die geval van die Vroeë Molokoterreine wat vanaf ongeveer die middel van die vyftiende tot die middel van die sewentiende eeu dateer, aangesien hierdie terreine gewoonlik ietwat meer versierde potwerk oplewer, soos ook tydens die huidige ondersoek bevind is. In die geval van die twee grootste Vroeë Molokoterreine wat opgegrawe is, naamlik 2526AC8a op Rietfontein 89 JP in Sentraal-Marico en 2526CB9 op Magozastad 248 JP in Suidoos-Marico, is al die versierde skerwe met rand- of lipgedeeltes en heel potte of bakke deur middel van sketse gedokumenteer. Namate groter potwerkversamelings van Vroeë Molokoterreine beskikbaar raak, behoort dit teoreties moontlik te wees om die historiese bande tussen die verskillende stamgroeperinge onder die Tswana, byvoorbeeld dié tussen die Hurutshe en die Kwena, deur middel van 'n analise van potwerkstyl te toets. Op die oomblik is die beskikbare monsters egter nog te klein en, soos in hoofstuk I, afdeling 3, aangedui is, die teoretiese en metodologiese uitgangspunte waarop sodanige klassifikasies berus, te omstrede om betroubare of geldige resultate te verwag. In hierdie verband kan verwys word na die gevolgtrekking waartoe Dreyer (1992:381) na aanleiding van sy studie van die potwerk van Latere Ystertydperkterreine van die Molokotradisie in die Vrystaat gekom het: 'In archaeological studies the identification

and classification of these defined units are also of less importance. If we search for lineages and tribes we entangle ourselves in an impossible task. We should aim for the identification of different cultures rather than specific groups.' In Marico hoef sodanige identifikasie van etniese groepe egter nie bloot op argeologiese data te berus nie, en kan die onsekerhede wat in die mondelinge oorleweringe opgesluit is, deur kontemporêre of naby-kontemporêre skriftelike getuieis opgeklar word.

Sekere opgegraafde vondste, byvoorbeeld die fauna- en skeletoorblyfsels, glaskrale, houtskool, sade en metaaloorblyfsels, is na spesialiste vir verdere ondersoek verwys. Ten einde Esterhuysen (1994) met die houtskoolanalises behulpsaam te wees, is houtmonsters in die navorsingsgebied ingesamel wat vir die samestelling van 'n vergelykende houtskoolversameling benut kon word. Hoewel die faunarestes van die verskillende lae van elke opgegraafde terrein afsonderlik geklassifiseer is, is dit uiteindelik met die oog op die samestelling van die faunaverslae saamgevoeg, omdat die etnohistoriese data en radiokoolstofdatums daarop gedui het dat die terreine selde langer as 'n generasie bewoon is en die ashope dus oor betreklik kort periodes gevorm het. Soos in hoofstuk I, afdeling 2, ten opsigte van die spesialisverslae genoem is, word die volledige faunaverslae wat deur die Departement Argeodierkunde van die Transvaalmuseum saamgestel is, nie hierby ingesluit nie: slegs die lysie van identifiseerbare spesies is in die verskillende tabelle opgeneem. Faunafragmente van antilopsesies wat nie nader geïdentifiseer kon word nie, is in navolging van Brain (1974) op grond van die afleibare lewende gewig in vier *Bovidae*-klasse ingedeel. Hierdie klasse, met die spesie wat die boonste gewigslimiet verteenwoordig, is soos volg: Bov. I [klein, 0-23 kg: groot gewone duikerooi], Bov. II [medium, 23-84 kg: groot blesbokram (insluitend skape en bokke)], Bov. III [groot, 84-296 kg: groot blouwildebees of bastergemsbok (insluitend bees)], Bov. IV [baie groot, meer as 296 kg: buffel en eland]. Die resultate van die fauna- en ander spesialisondersoeke wat in verband met vondste van die opgegraafde terreine onderneem is, word in hierdie hoofstuk weergegee en saam met ander inligtingsbronne in die volgende hoofstuk benut om die leefwyse van die Latere Ystertydperkbeewoners van Suidoos- en Sentraal-Marico te rekonstrueer.

3. VROEË MOLOKOTERREINE

Tydens die vindplekopname is bevind dat die Vroeë Molokoterreine wat die beste behoue gebly het, op die plaas Rietfontein 89 JP in Sentraal-Marico en op Magozastad 248 JP in Suidoos-Marico voorkom.

a. Rietfontein 89 JP: terrein 2526AC8(a-b) en 2526AC9

Terrein 2526AC8 lê op 'n vlakte naby 'n rantereeke wat op die 1:50 000- topografiese kaartereeks (2526AC MOKGOLA) as 'Tshwenyane' aangegee word (GPS-lesing van hut RFN2.1: 25° 23' 03,1" suid; 26° 09' 27,8" oos). Hierdie gedeelte van die plaas Rietfontein 89 JP staan tans as Orion-Wildplaas bekend. Terrein 2526AC8 is juis vir opgrawingsdoeleindes geselekteer omdat dit in die omgewing van 'Tshwenyane' geleë is waar die Hurutshe hulle volgens mondelinge oorleweringe in die tweede helfte van die vyftiende eeu na hul verhuising na Marico gevestig het (kyk hoofstuk II, afdeling 2). Daar is veronderstel dat die terrein radiokoolstofdatums kon oplewer wat as toets kon dien vir die chronologie van die vroeë vestigingsfase van die Hurutshe in Sentraal-Marico wat op die opgetekende mondelinge oorleweringe berus. Soos in hoofstuk IV, afdeling 2.a, uiteengesit is, het onlangse pleknaamkundige navorsing egter aangetoon dat

'Tshwenyane' 'n foutiewe benaming vir die rant Tswenyane is, asook dat laasgenoemde naam waarskynlik na die rant bokant die waterval op die aangrensende plaas Mezeg 77 JP verwys en nie na 'n rantereeks op die plase Bloemfontein, Kleinfontein of Rietfontein soos in sommige bronne beweer en op die topografiese kaart aangedui word nie (Boeyens & Cole 1995:21-24). Terrein 2526AC8 val nietemin steeds in die gebied wat tot en met die aanbreek van die historiese periode deur die Hurutshe bewoon is, en daar is ook geen verwysing in die opgetekende mondelinge oorleweringe van die Tswana dat ander groepe hulle op 'n vroeë stadium hier gevestig het nie.

Tydens die vindplekopname is terrein 2526AC8 in twee eenhede verdeel wat as 8a en 8b genommer is. Terrein 2526AC8a was in 'n groot mate verspoel en aan die oostekant daarvan is 'n hele aantal reguit kliprye aangetref wat volgens die huidige grondeienaar vroeër in hierdie eeu gepak is om erosie te bekamp. Terrein 2526AC8b is sowat 400 m suid daarvandaan geleë, maar die vindplek is ongelukkig omgeploeg voordat dit verder ondersoek en die presiese getal hutoorblyfsels bepaal kon word. Potskerwe wat op die oppervlak daarvan ingesamel is, word as 2526AC8b geïdentifiseer (kyk figuur 5.12) en toon groot ooreenstemming met dié van 2526AC8a. Indien daar bevestig sou kon word dat die twee areas gelyktydig bewoon is, is dit heel moontlik dat hulle volgens die vestigingspatroon van die Tswana afsonderlike eenhede (wyke?) van 'n groter nedersetting gevorm het (kyk hoofstuk VI, afdeling 1.a, vir bespreking).

Die oorblyfsels van ten minste 21 hutvloere is op terrein 2526AC8a geïdentifiseer, maar geen duidelike patroon van uitleg kon bepaal word nie (kyk plan 5.1). Slegs in die noordelike deel van die huttekompleks kom daar 'n enkele klipmuur van sowat 6 m naby twee hutte voor. Omdat die terrein aan erosie blootgestel was, is dit waarskynlik dat sommige van die hutvloere weggespoel het. Gruisagtige kolle wat op die terrein voorkom, verteenwoordig moontlik die laaste fase van die totale erodering van hutvloere. Geen afsetting is opgemerk wat op 'n ashoop of 'n veekraal dui nie.

Daar is aanvanklik slegs 'n enkele hut (RFN2.1) op terrein 2526AC8a opgegrawe. Die hutvloer was met 'n laag hutpuin bedek en in sommige puinstukke kon die afdrucke van paalmerke nog duidelik gesien word. Alhoewel die hutvloer, wat ongeveer 3,5 m in deursnee is, nie volledig behoue gebly het nie, is dit een van die bes bewaarde Vroeë Molokohutte wat tot dusver blootgelê is. Dit blyk duidelik wanneer dit met die argeologiese reste van soortgelyke en tydenootlike hutvloere van Olifantspoort 29/72 in die distrik Rustenburg vergelyk word (Mason 1986:237-263). Soos op foto 5 en 6 en plan 5.3 aangedui word, word die hutvloer in twee dele verdeel deur 'n kleirif wat drie of vier boë vorm. Bo-op die agterste deel van die vloer, wat op 'n ietwat hoër vlak lê, kom 'n plat klip van ongeveer 50 cm by 50 cm en drie boonste malers van maalklippe voor. Benewens heelwat potskerwe, is daar ook drie induikings in die agterste deel van die vloer aangetref, wat waarskynlik as holtes gedien het waarin potte geplaas kon word.

By die punt waar twee van die kleiboë ineenloop, kom daar in die voorste of laer gedeelte van die hutvloer 'n vuurmaakholte voor wat drie klippe bevat. Een van die klippe is heelwat groter en ronder as die res. Links van die vuurmaakholte is daar nog twee induikings of holtes in die hutvloer. Een hiervan, sowat 10 cm in deursnee en betreklik vlak, is vermoedelik 'n holte waarin 'n pot geplaas kon word. Na aanleiding van navorsing wat deur Mason (1986:259, figuur 10) by Olifantspoort 29/72 gedoen is, word die ander holte met 'n deursnee van ongeveer 30 cm en 'n diepte van ongeveer 20 cm as 'n stampblokkholte geïdentifiseer. Klaarblyklik is 'n kleinerige houtstampblok (*kika*), waarin graan bewerk is, in die holte geplaas. Aan die regterkant van die

voorste gedeelte van die hutvloer kom daar ook 'n plat klip voor, maar aangesien hierdie deel deur 'n haak-en-steekboom (*Acacia tortilis*) versteur was, was dit nie moontlik om dit volledig te rekonstrueer of om die moontlike funksie van die plat klip te bepaal nie. By twee van die hutte van die kontemporêre 'Middel-Ystertydperkterrein' op Olifantspoort 29/72 het Mason (1986:241, 261) in dieselfde posisie 'n 'kleibankie' sowat 5 cm bokant die vloeroppervlak teëgekrom wat deur hom as 'n trap by die hutingang geïnterpreteer is. Simon Hall (1996:5) se interpretasie van hierdie verskynsel as 'a raised clay bench' waarop mans kon sit, klink egter aanneemliker.

Houtskool wat vanaf die vuurherd in die middel van die hut verkry is, het 'n radiokoolstofdatum (Pta-5417) van 360 ± 50 jaar voor die hede opgelewer, wat soos volg kalibreer: 1497(1533,1547,1635)1651. Dit beteken dat die hut waarskynlik tussen 1497 en 1651 bewoon is, met 1533, 1547 en 1635 as die waarskynlikste datums van bewoning. Baie onlangs is 'n verdere hut (RFN2.2) op dieselfde terrein opgegrawe. Soos op plan 5.4 aangedui word, het daar behalwe twee onpatroonmatige kleiriwwe en die vuurmaakholte met twee klippe, feitlik niks van die hutvloer behoue gebly nie. Houtskool wat van die vuurmaakholte van RFN2.2 verkry is, het egter 'n radiokoolstofdatum (Pta-7049) van 550 ± 45 voor die hede opgelewer, wat soos volg kalibreer: 1410(1424)1439.

Dit is duidelik dat hierdie datum aansienlik vroeër is as die datum wat vir die nabygeleë RFN2.1 verkry is. Totdat verdere navorsing uitsluitel oor hierdie kwessie bring, lyk die datum van RFN2.1 meer aanvaarbaar, hoofsaaklik omdat die opgegraaft hut beter bewaar gebly het. Verdere steun vir hierdie interpretasie kom van 'n onlangse datum wat vir 'n soortgelyke Vroeë Molokoterrein op Rietfontein 89 JP, ongeveer twee kilometer noordwes van 2526AC8, verkry is (GPS-lesing: $25^{\circ} 22' 25''$ suid; $26^{\circ} 11' 03,2''$ oos). Hierdie terrein (2526AC9) lê aan die voet van een van die hoë koppe van die rantereeks waarna hierbo verwys is, en waarvoor die eintlike Tswana-naam *Pelo-ya-thwane* (letterlik: 'hart van die rooikat') is. Oorblyfsels van ten minste ses hutte het hier behoue gebly, waarvan vyf in 'n halfmaan gerangskik is (kyk plan 5.2 en foto 7). By een van die erg verweerde hutreste, RFN3.1, het feitlik slegs die holte in die vloer waarin die houtstampblok vermoedelik geplaas is, behoue gebly (kyk foto 8). Net soos deur Mason (1986:258) by terrein 29/72 op Olifantspoort gevind is, was die stampblokholtte omlyn deur minstens sewe kleinerige klippe, wat waarskynlik die houtstampblok gestut het. Houtskool, wat vermoedelik van die stampblok self afkomstig is, is uit die holte verwyder, wat sowat 20 cm diep en ongeveer 25 cm in deursnee was.

Die houtskool uit die stampblokholtte het 'n radiokoolstofdatum (Pta-7065) van 470 ± 50 voor die hede opgelewer, wat soos volg kalibreer: 1434(1452)1485. Die boomspezie waarvan die houtskool afkomstig is, is nog nie geïdentifiseer nie, maar volgens dr. J.C. Vogel (persoonlike mededeling, 15 Februarie 1996) kan die datum met ongeveer 80 jaar beïnvloed word, indien aanvaar word dat die stampblok uit die stomp van 'n volwasse boom gemaak is. Dit beteken dat die radiokoolstofdatum dus heelwat ouer kan wees as die destyds bewoonde hut. Ook in die lig hiervan word die latere datum vir RFN2.1 voorlopig as betroubaarder as die datum vir RFN2.2 beskou. Al drie hierdie datums bevestig egter dat die Vroeë Molokotradsie in hierdie omgewing nie voor die vyftiende eeu n.C. 'n aanvang geneem het nie.

Die skerwe van 'n volledig rekonstrueerbare pot wat bande met geprikte versiering vertoon, is ook in die vuurmaakholte van hut RFN2.1 aangetref (kyk figuur 5.3). Al tien ander versierde skerwe wat van die hutvloer verwyder is, waaronder ag met lipgedeeltes, word in figuur 5.4 en 5.5 uitgebeeld. Hierbenewens is daar ook 114 onversierde skerwe, waarvan twee met lipgedeeltes,

op die hutvloer en in die muurpuin bo-op aangetref. Die lipgedeeltes van die onversierde skerwe toon 'n verdikte rand (kyk figuur 5.5), 'n verskynsel wat ook by terrein 2526AC8b opgemerk is (figuur 5.12) en klaarblyklik tipies van die Molokotradisie is. Die hele oppervlak van terrein 2526AC8a lê besaai met potskerwe en altesame 23 versierde skerwe met lipgedeeltes word in figuur 5.6, 5.7, 5.8 en 5.11 uitgebeeld. 'n Aantal voorbeelde van versierde skerwe sonder lipgedeeltes word in figuur 5.9 en 5.10 uitgebeeld. Die potwerkversierings is kenmerkend van die vroeë fase van die Molokotradisie en toon groot ooreenkoms met die potwerk wat op Olifantspoort 29/72 en Roberts Farm in die distrik Rustenburg (Mason 1986:271-278, 283) en op die Rooiberg, Eenheid 3-terreine (RU3), versamel is (Hall, S. 1981:49, 52-53). Veral opvallend is dat 15 (46,87%) van die 32 potskerwe met lipgedeeltes (dié van hut RFN2.1 inklusief) van terrein 2526AC8a met bande rooi oker en/of grafiet versier is, terwyl 'n band met skuins insnydings net onderkant die potlip (dikwels in kombinasie met ander motiewe) op 18 (56,25%) van dieselfde 32 skerwe voorkom. In sy studie van die kleursimboliek van die Kgaga, 'n Noord-Sothostam, het Hammond-Tooke (1981:137) bevind dat rooi 'n intensiverende en konsoliderende assosiasie het, terwyl swart dui op versterking, beskerming en afkoeling. Of soortgelyke assosiasies onder die Tswana en hul voorsate in Marico gegeld het, is nie bekend nie.

Dit is ook interessant dat 6 (18,75%) van die 32 versierde skerwe met lipgedeeltes 'n visgraatpatroon as versieringsmotief vertoon (kyk figuur 5.11). Die visgraatversieringspatroon is, soos in hoofstuk III, afdeling 4.b, aangedui is, kenmerkend van die potwerkstyl van streekvariante van die twee voorafgaande fases van die Vroeë Ystertydperk, naamlik Rooiberg, Eenheid 1 en Eiland-Broadhurst. Soos ook genoem is, kom die visgraatpatroon byvoorbeeld prominent op die potwerk van die Vroeë Ystertydperkterrein aan die Klipspruit (Mokgola), 2526AC15, voor (kyk figuur 5.1). Die aanwesigheid van sodanige versieringspatroon op 'n beduidende aantal skerwe op terrein 2526AC8a dui moontlik op die stilistiese nalatenskap van die vroeëre of 'pre-Molokobewoners' van die gebied.

Verbrande stukkie dierebeendere wat nie nader geïdentifiseer kon word nie, is in die vuurmaakholte van hut RFN2.1 aangetref. Daarbenewens het die oppervlakvondste die volgende opgelewer: 'n stukkie spekularet, 'n stukkie seepsteen, sewe stukkie yster waarvan een sowat 10 cm lank was, en 'n gedeelte van die oor van 'n kleipot. Daar is ook 'n klipstaaf opgetel wat sowat 18 cm lank, 2 cm breed en 2 cm dik is, maar dit is waarskynlik te smal om as die reste van die klipplatform vir 'n houtskuifdeur te gedien het. Op die oppervlak van die terrein is ook 'n stukkie ystererts opgetel, maar geen tekens van ystersmeltoonde is opgemerk nie.

b. Magozastad 248 JP

Verskeie Vroeë Molokoterreine is op die plaas Magozastad 248 JP in Suidoos-Marico aangetref, waarvan 2526CB9 (MGS4) die grootste was en ook die sleutel tot die etniese koppeling van die terreine gebied het.

(i) Terrein 2526CB4a, 4b en 4c (MGS1, MGS2 en MGS3)

MGS1

Terrein 2526CB4a (ook genommer as MGS1) lê in 'n vallei aan die voet van 'n heuwel (25° 32' 30" suid; 26° 17' oos) op die plaas Magozastad 248 JP. Die hele vallei is aan grootskaalse erosie blootgestel en verskeie droë lopies kom voor wat water na die Wilgeboomspruit (Maruntwane)

afvoer (kyk 1:50 000- topografiese kaart, 2526CB GROOT-MARICO). Volgens ou inwoners van die omgewing het blanke boere vroeër landerye in die vallei aangelê waarin MGS1, asook MGS2 en MGS3, voorkom. Terrein MGS1 bevat die oorblyfsels van sewe hutte (MGS1.1-MGS1.7) wat min of meer in 'n halfmaan gerangskik is. 'n Kliphoop kom naby hut MGS1.6 voor, terwyl 'n losstaande klipmuur met 'n lengte van ongeveer 5 m sowat 9 m noord van hut MGS1.5 staan. Aan die een punt van die klipmuur lê 'n maalklipbasis (kyk plan 5.5). Elke hut is duidelik herkenbaar op grond van klein konsentrasies hutpuin wat op die oppervlak voorkom en in sommige gevalle nog paalmerke vertoon. Drie van hierdie hutte is opgegrawe, maar anders as in die geval van hut RFN2.1 op op terrein 2526AC8a Rietfontein en hut MGS4.1 en MGS4.2 op terrein 2526CB9 op Magozastad, het daar min van die vloeroppervlaktes onder die hutpuin behoue gebly.

Hut MGS1.1 was die beste bewaar. Die vloeroppervlak wat onder die hutpuin aangetref is, was ongeveer 1 m x 1 m groot en ongeveer 10 mm dik (kyk plan 5.6). Daar kom ook 'n glad afgewerkte kleiholte in die vloeroppervlak voor wat ongeveer 6 cm diep en 75 cm x 40 cm groot is. Dit het twee ronderige klippe bevat en het waarskynlik as 'n vuurherd gedien, aangesien 'n groot hoeveelheid houtskool tussen die twee klippe uitgehaal is. Die induiking met 'n deursnee van ongeveer 10 cm wat in die vloer voorkom, verteenwoordig moontlik 'n potholte. Naby die vuurherdholte is daar ook verbrande sorghum (*Sorghum bicolor*) opgegrawe, waarvan 'n radiokoolstofdatum van 330 ± 20 voor die hede (Pta-5291) verkry is wat soos volg kalibreer: 1638(1645)1651. Min van die meer as 300 potskerwe wat op die hutvloer en in die hutpuin bo-op die vloer gevind is, was versier of het 'n duidelike liprand getoon. Uit die versierde skerwe kon die vorm van elf bakke bepaal word, waarvan die meeste met 'n boogpatroon versier is en verskeie bande bevat wat met oker en/of grafiet rooi en/of swart gekleur is. (kyk figuur 5.13, 5.14, 5.15 en 5.16). Daar is ook 'n ysterlem onder die hutpuin opgegrawe wat soos volg deur Miller (1995:48) beskryf word: 'It was an iron blade or narrow adze, tapering to a blunt point at one end. The object was 127 mm long, 21 mm broad at its broad end, and had a maximum thickness in the middle of about 5 mm. It was substantially corroded, dark brown on the outside, weighed 47,22 g, and was magnetic.' Volgens Miller (1995:48) is die voorwerp eers bewerk terwyl dit verhit is, en toe weer na afkoeling. Daarna is dit weer verhit tot bokant 910°C , voordat dit toegelaat is om stadig af te koel. Laasgenoemde proses kon volgens hom ook toevallig deur 'n 'hut fire' veroorsaak gewees het.

In die geval van sowel hut MGS1.2 as hut MGS1.3 het feitlik niks van die hutvloere se struktuur onder die muurpuin behoue gebly nie, behalwe twee vuurmaakklippe en houtskool wat die vuurherd aangedui het (kyk plan 5.7 en plan 5.8). Die opgrawing van MGS1.2 het geen versierde skerwe opgelewer nie, maar wel 7 onversierde lipgedeeltes en 'n verdere 78 onversierde skerwe. Heelwat houtskool is ook ingesamel, veral in die gedeelte rondom die vuurherd. Hut MGS1.3 het benewens die houtskool in die vuurmaakholte, 'n enkele versierde potskerf (kyk figuur 5.17) en 45 onversierde skerwe opgelewer. Die hele afsetting is versteur deur die grootskaalse wortelindringing van 'n lekkerruikpeulboom (*Acacia nilotica*) wat in die middel van die hutpuin gestaan het. Enkele versierde skerwe wat op die oppervlak van die nabygeleë hut MGS1.4 ingesamel is, word ook in figuur 5.17 uitgebeeld.

MGS2

MGS2.1 verteenwoordig die oorblyfsels van 'n enkele hut op terrein 2526CB4b en lê sowat 200 m suidoos van MGS1 (kyk plan 5.5). Dit is die enigste aanduiding van hutmuurpuin wat hier

aangetref is, maar aangesien die area erg aan erosie blootgestel is, is die moontlikheid nie uitgesluit dat meerdere hutte hier voorgekom het nie. Moontlik het hut MGS2.1 deel uitgemaak van 'n groter woonkompleks wat weer met 2526CB4a geskakel was. Twee ronderige klippe, wat waarskynlik deel van 'n vuurmaakplek gevorm het, is onder die klein hoeveelheid hutpuin aangetref (kyk plan 5.9). Houtskool wat uit die verseëldede konteks van die vuurmaakplek verwyder is, het 'n radiokoolstofdatum (Pta-5649) van 280 ± 40 jaar voor die hede opgelewer wat soos volg kalibreer: 1648(1660)1671;1780-1795. Benewens 38 onversierde skerwe, is ook enkele versierde skerwe van die Vroeë Molokotradisie bo-op en in die hutpuin gevind. Al die versierde skerwe vertoon bande insnydings met 'n versieringsmotief wat as 'n 'trapleer' beskryf kan word (kyk figuur 5.17). Geen verdere strukture of argeologiese verskynsels is opgemerk nie.

MGS3

Terrein 2526CB4c lê sowat 500 m wes vanaf MGS1 en vorm 'n metaalbewerkingsarea aan die voet van 'n koppie ($25^{\circ} 32' 20''$ suid; $26^{\circ} 16' 40''$ oos). Sowat 100 m hoër op teen die koppie kom daar ook 'n enkele klipstruktuur voor wat as veekraal kon gedien het, maar die moontlike verband daarvan met die smeltersarea is onbekend. Ten minste drie smeltoonde wat ongeveer 6 m uitmekaar geleë is, asook twee kliphope waarvan die funksie nie duidelik is nie, kon op die terrein onderskei word (kyk plan 5.10). Hoewel die area erg aan erosie blootgestel is, het veral een van die smeltoonde (MGS3.1) besonder goed behoue gebly.

Binne en buite die twee smeltoonde wat ondersoek is, naamlik MGS3.1 en MGS3.2, is heelwat ysterslak asook ystererts versamel wat vir ontleding voorgelê is. Oor die slak wat aan die binnekant van die smeltoond MGS3.1 versamel is, rapporteer Miller (1995:46) soos volg: 'This slag, with 42% free wüstite, was the product of rather inefficient smelting with a lot of the potentially available iron retained in the slag.' Sowel die slak aan die binnekant van MGS3.1 as dié wat daar rondom ingesamel is, word deur Miller (1995:46) as 'bloomery iron smelting slag which had cooled fairly rapidly in a reducing atmosphere' beskryf.

Smeltoond MGS3.1 steek 140 mm bokant die huidige grondoppervlak uit en is 350 mm diep aan die binnekant. Heelwat los klippe kom reg rondom die oorblyfsels van die oond voor en, soos op foto 9 en 10 gesien kan word, het die oond 'n ovaalvormige struktuur met ruimtes vir twee tuyère-opeeninge. Die maksimum lengte van die lang as wanneer die buitemaat geneem word, is 640 mm, terwyl die maksimum lengte van die kort as wanneer die buitemaat geneem word, 420 mm is. Die binnemaat van die lang as is 410 mm en dié van die kort as is 260 mm. Die dikte van die wand van die oond wissel tussen 60 en 100 mm. Een gebreekte tuyère, wat ongeveer 90 mm bokant die grondvlak van die smeltoond geplaas is, het nog in die tuyère-opeening voorgekom. Die tuyère was klaarblyklik omgedraai, aangesien die punt wat as gevolg van die hitte binne die oond gewoonlik toegeslak is, na buite gewys het. Dit dui moontlik daarop dat iemand op 'n latere stadium met die oorblyfsels van die oond gepeuter het. Nog 'n gebreekte tuyère, waarvan die een punt ook toegeslak is, is binne die oond naby die ander tuyère aangetref. Albei gebreekte tuyères is ongeveer 200 mm lank met 'n opening met 'n deursnee van ongeveer 35 mm (kyk foto 11).

Smeltoond MGS3.2 het minder goed behoue gebly en steek sowat 130 mm bokant die huidige grondoppervlak uit (kyk foto 12). Die oond het ook 'n ovaalvormige struktuur met ruimtes vir twee tuyère-opeeninge. Die dieptemaat aan die binnekant is 320 mm en die maksimum lengte van die lang as wanneer die buitemaat geneem word, is 690 mm. Wanneer die maksimum lengte van

die kort as geneem word, is dit 500 mm. Die binnemaat van die lang as is 580 mm en dié van die kort as is 380 mm. Een klein stukkie tuyère, ongeveer 110 mm lank en met 'n opening van sowat 35 mm in deursnee, is binne die smeltoond gekry. Die wand van die tuyère is tussen 10-20 mm dik. Twee ysterslakmonsters wat van die binnekant van die smeltoond ingesamel is, is ontleed en word as 'inhomogenous' beskryf. Volgens Miller (1995:46) dui hierdie feit, asook die mineralogiese en ander strukturele verskille tussen die twee monsters, daarop dat die temperatuur in die smeltoond tydens die smeltproses nie konstant gebly het nie.

Houtskool van die binnekant van die oond MGS3.1 het 'n radiokoolstofdatum (Pta-5414) van 340 ± 50 jaar voor die hede opgelewer wat soos volg kalibreer: 1514-1586;1624(1642)1657. Op grond hiervan word die smeltoonde voorlopig onder die Vroeë Moloko ingedeel, maar daar moet in gedagte gehou word dat in die geval van smeltoonde daar die moontlikheid bestaan dat die datum beïnvloed kan word deur 'ou' hout wat as houtskool gebruik is om die erts te verhit. In die geval van die oonde van Magozastad is dit ook nie moontlik om uit die versierings op die enkele potskerwe wat op die oppervlak in die omtrek van die oonde voorkom, te bepaal of hulle tot die Vroeë of die Latere Moloko gereken behoort te word nie.

(ii) *Terrein 2526CB9 (MGS4): Rabogadi*

Terrein 2526CB9 (ook genommer as MGS4) is 'n Vroeë Molokoterrein wat sowat 2 km suidoos van bogenoemde terreine op die plaas Magozastad 248 JP geleë is (GPS-lesing van hut MGS4.2: 25° 33' 16,7" suid; 26° 17' 33" oos). Dit lê sowat 400 m wes van die Wilgeboomspruit (Maruntwane) en aan die noordelike voet van 'n heuwel bekend as Rabogadi. Soos op plan 5.11 aangedui word, kom daar minstens 59 hutvloerorblyfsels op die terrein voor. Aangesien daar ook grootskaalse erosie op hierdie terrein voorkom, is dit heel moontlik dat verskeie van die hutoorblyfsels weggespoel het (kyk foto 13). Die feit dat daar wel 59 hutte behoue gebly het, maak 2526CB9 egter die grootste Vroeë Molokoterrein wat tot dusver gedokumenteerd is. Tot op hede was terrein 29/72 op Olifantspoort naby Rustenburg wat deur Mason (1986:237) ondersoek is en uit 20 hutte bestaan het, die grootste Vroeë Molokoterrein wat bekend was. Op grond van die grootte van 2526CB9 kan afgelei word dat dit waarskynlik die sentrum of fokuspunt van al die kontemporêre Vroeë Molokoterreine op Magozastad en omstreke was.

Soos uit die terreinplan blyk, kom enkele klipmure naby sommige hutte in veral die suidelike deel van die terrein voor. Dit is juis hierdie deel van die vroeëre terrein wat feitlik by 'n latere klipmuurterrein (2526CB10) aansluit wat al langs die oostelike hang van Rabogadi strek. Dit is nie heeltemal duidelik of al die klipmure op terrein 2526CB9 inderdaad kontemporêr met die hutvloerorblyfsels is en of sommige eerder met die latere klipbouvalkompleks verband hou nie. Die feit dat hierdie klipmure minder netjies gepak en meer vervalde voorkom as dié van terrein 2526CB10 en oënskynlik ook nie oor die orblyfsels van Vroeë Molokohutte opgerig is nie, skep die indruk dat hulle wel met terrein 2526CB9 verbind kan word. Dit moet egter beklemtoon word dat die klipmure van terrein 2526CB9 geen duidelike patroon van uitleg vertoon nie, anders as in die geval van die klipbouwerk van die Latere Molokoterreine waar byvoorbeeld veekrale en afskortings van wooneenhede (*malapa*) deur klipmure gevorm is. Volgens plan 5.11 kom dit ook voor of twee breë groeperinge van hutte van noord na suid in die kompleks onderskei kan word, waarvan die kring van hutte in die noordelike deel nie juis met klipmure geassosieer is nie.

Hoewel die ondersoek na die aangrensende latere klipbouvalkompleks deur die grootskaalse indringing van sekelbos (*Dichrostachys cinerea*) bemoeilik is, kon daar wel boogvormige *malapa*-

mure en veekrale van klip op terrein 2526CB10 onderskei word. Bloot op grond van die voorkoms van die argeologiese strukture kon daar dus twee bewoningsfases onderskei word, maar die presiese chronologie van die bewoning van die twee terreine was nie voor die hand liggend nie.

Etnohistoriese en toponimiese inligting wat eers na afloop van die opgrawings op terrein 2526CB9 beskikbaar geraak het, het egter meer lig op die oorsprong van albei terreine gewerp. Tydens die aanvanklike ondersoek is die moontlikheid oorweeg dat die huidige naam van die plaas Magozastad van 'n selfstandige naamwoord in Tswana afgelei is, naamlik óf van *magôsana* (volgens Brown 1973:174 die kollektiewe meervoud van 'n aantal 'small chieftains'), óf van *magôsi* (volgens Snyman 1990:41 die kollektiewe meervoud vir 'n aantal 'konings'). Teen die einde van die 1996 is daar finaal uitsluitel verkry dat die plaasnaam eintlik na 'n persoonsnaam teruggevoer kan word, naamlik dié van Mokgosi, die stamhoof van die Lete (Ba ga Malete) in die veertiger- en vyftigerjare van die vorige eeu. Hierdie afleiding berus op verskeie brokkies inligting.

Eerstens het pleknaamkundige navorsing teen die einde van Desember 1996 aan die lig gebring dat Rabogadi die Tswananaam is van die heuwel aan die voet waarvan die twee terreine, 2526CB9 en 2526CB10, lê. Soos in hoofstuk II, afdeling 3, aangedui is, het die opgetekende oorleweringe van die Lete, 'n Tswanastam van vermeende Ndebele-oorsprong, verhaal dat hulle hul teen die middel van die sewentiende eeu onder Maphalaole vir 'n kort ruk by Rabogadi gevestig het. Die aanduiding van die ligging van hierdie woonplek in die bronne was egter vaag en selfs teenstrydig. Tweedens is 'n verklaring gevind waarom verskeie blanke inwoners van die omgewing vandag nog na die plaas Magozastad as 'Magusstat' verwys, asook vir hul bewering dat hulle van die vorige generasie verneem het dat die naam van die plaas afgelei is van die naam van 'n sekere 'kaptein Magos of Magus' wat vroeër daar gebly het.

Die eerste leidraad oor die identiteit van 'Magus' of 'Magos' is vervat in die volgende skrywe van Thomas Jensen, 'n sendeling onder die Hurutshe by Dinokana, op 15 Mei 1879 aan H. Shepstone, die 'Secretary for Native Affairs' van die Britse Administrasie in die destydse Transvaal: 'The tribe known by the white people as Magos's people. The right name of the tribe is "Bagamalete". The chief is "Mokhosi". ... Formerly this tribe lived in the Transvaal on the Mariko river, but they fled for the hard treatment of the Boers.'¹ Hierdie getuienis stem ooreen met die mondelinge oorleweringe wat deur Vivien Ellenberger (1937:44) oor die Lete se lotgevallen in die negentiende eeu opgeteken is: 'From Maruping they moved to Rabogadi, where the tribe had lived in the days of Maphalaole - there they dug for iron. Mokgosi's people had no cattle when first they settled at Rabogadi, but they build up a big trade in iron implements, supplying the BaRolong, the BaTlhaping, the BaNgwaketse, and the BaHurutse [sic] with axes, spears, hoes, bracelets, etc., in return for goats and later cattle.'

Die konflik tussen die Lete en die Boere in die vyftigerjare van die vorige eeu, asook die gebruik om na Mokgosi as Magus te verwys, word deur die volgende tydgenootlike verslag van A.H. Stander, destyds 'n kommandant in Marico, aan kommandant-generaal Andries Pretorius bevestig: 'Myn heer, daarna bin ik op den 5 Mey mit twee respe(c)table manne gereeden om een schikking tusschen de kafferopperhoof Magus in de heer Joco[b]us Zwart, sinior (te treffen).

¹ Nasionale Argiefbewaarplek, Pretoria, Superintendent van Naturellesake (SN1, N91/79): T. Jensen - H. Shepstone, Linokana, 15/5/1879.

Maar ik moet u zegg[en] als dat ik in myn leefvens daagen zoo een ontmoeting niet gehat hebt, want ik ben nauwelyks mit myn leeven vry gekoomen, in bin vervolg geworden omtrent in groote aghthond[er]d tree mit een drygement myn doot te schieten of doot te slaan, in hebt myn geyst op den 6 deezer op Magus zyn kraal dan zal de gemelde Zwart myn schiete, dat myn de harslag waay, in als de kafferscaptyn durf trekken zal gem. Zwart zyn mag commandeeren in zal de laaste kaffers doot schieten.² Op 25 Desember 1852 het kommandant P.E. Scholtz van Marico verklaar dat hy die volgende berig ontvang het: 'Van gister tot heeden is drie raporten by my ingekomen van 6 kapityns die gevlugt is namelyk Molo [Moilwa] en Meseg en Adons en Magus [Mokgosi] en Maslapyn [Ramatlaping] en nog 5 hebt ik de tyding is naar de kant van Zegele [Setšhele]...'³ In Ellenberger (1937:59) se historiese rekonstruksie word 1853 as die Lete se vertrekdatum uit Transvaal aangegee.

Uit hierdie inligtingsbronne blyk dit dat daar ten minste twee bewoningsfases by Rabogadi onderskei kan word, naamlik die aanvanklike vestiging van die Lete aldaar teen die middel van die sewentiende eeu onder Maphalaole en hul latere kortstondige terugkeer na hul vroeëre woonplek onder leiding van Mokgosi, enkele jare voor 1852. Hierdie interpretasie van die vestigingsgeskiedenis word egter gekompliseer deur die stelling van Breutz (1953:94) dat Thekiso, die stamhoof van die Bahurutshe booMenwe, 'for a long time resided at Rabogadi (Wilgeboomspruit 278)'. Volgens Breutz het Thekiso teen ongeveer 1690 geregeer, maar soos in hoofstuk II, afdeling 3, aangetoon is, is hierdie chronologiese berekening problematies en het hy waarskynlik eers heelwat later in die agtiende eeu regeer. Dat Thekiso lank op Rabogadi gewoon het, rym ook nie met Breutz (1953:94, 141) se inligting dat hy vir die verskuiwing van die Bahurutshe booMenwe se hoofsetel van Tswenyane na *Pōwē*, naby die latere Dinokana, verantwoordelik was nie. Thekiso se verblyf by Rabogadi word ook nie in ander mondelinge bronne oor die voorgeskiedenis van die Hurutshe vermeld nie. Waar Breutz se etnohistoriese rekonstruksies dikwels onsistematies en vol teenstrydighede is, soos in hoofstuk I en II aangetoon is, word Ellenberger se bydrae oor die Lete deur Schapera (1941:85) as 'valuable' gereken. Die oorlewering dat 'n seksie van die Hurutshe onder Moilwa II in die veertigerjare van die vorige eeu vir 'n kort rukkie by Rabogadi vertoef het voordat hulle hul permanent by Dinokana gaan vestig het (Jensen 1947:178), lyk meer aanneemlik. Ook Sebego en sy volgelinge onder die Ngwaketse het na afloop van die *difaqane* vir 'n kort rukkie in die veertigerjare 'naby' die Lete onder Mokgosi gewoon, wat hulle op daardie stadium by Rabogadi bevind het (Schapera 1959[i]:70).

Ten spyte van 'n mate van onsekerheid, korreleer bogenoemde rekonstruksie van die vestigingsgeskiedenis van die Lete dus op die oog af met die twee terreinkomplekse wat tydens die argeologiese vindplekopname by Rabogadi op Magozastad onderskei is, te wete 2526CB9 en 2526CB10. Die Vroeë Molokoterrein, 2526CB9, kan dus waarskynlik aan die Lete onder Maphalaole se vestiging by Rabogadi in die sewentiende eeu gekoppel word. Volgens mondelinge oorlewering het die Lete Rabogadi nog tydens die bewind van Maphalaole verlaat (Ellenberger 1937:35-36). Die klipbouvalkompleks op terrein 2526CB10 kan op sy beurt waarskynlik met die Lete onder Mokgosi se bewoning van Rabogadi in die negentiede eeu verbind word. In die lig

² Krynauw, D.W. & Pretorius, H.S. 1949. *Transvaalse Argiefstukke*, p. 25: A.H.Stander - A.W.J. Pretorius, Marico 6/5/1850.

³ Krynauw, D.W. & Pretorius, H.S. 1949. *Transvaalse Argiefstukke*, p. 291: P.E. Scholtz - A.W.J. Pretorius, Marico, 25/12/1852.

hiervan is dit ook waarskynlik dat die ondersoek wat Harger (1941) in die dertigerjare by die heuwel Rabogadi op Magozastad gedoen het, hoofsaaklik op die latere klipbouvalkompleks betrekking gehad het, hoewel dit hoogs onwaarskynlik is dat hy op grond van die destydse kennis van die Ystertydperk tussen die twee bewoningsfases sou onderskei. Harger (1941:135) beskryf die terrein soos volg: 'The workshop site on Magoza Stad is on G.C.L. Rootman's portion of the farm, north-west of his homestead... A large native village once occupied this extensive area, which lies between the foot of a long high kopje of andalusite slate and diabase, and the west bank of the Wilgeboom Spruit: a rapidly flowing stream passing through a valley of rich alluvium.' Volgens mev. H.G. Badenhorst (persoonlike mededeling, 14 Februarie 1995) het die grond voorheen aan J.C.L. Rootman behoort, en nie G.C.L. Rootman soos Harger beweer nie.

In sy ondersoek het Harger (1941:129, 135-137, 140-141) die volgende vondste op die terrein ingesamel: koper- en serpentynsteenkrane, 'n gietvorm van steatiet wat moontlik vir die giet van koper gebruik is, asook ysterslak, 'n ysterhamer, tuyères en oorblyfsels van smeltoonde en hematieterts. Die versieringspatrone op die potwerk wat deur hom ingesamel is, is tipies van veral die Vroeë Molokofase, maar dit is moontlik daaraan toe te skryf dat die meeste versierde skerwe op die vroeë terrein voorkom en moontlik daarvandaan ingesamel is (kyk Harger 1941:139, plaat XLIX). Hoewel ysterslak en 'n stukkie tuyère tydens die onlangse ondersoek op die oppervlak van die vroeë terrein versamel is, is die smeltoonde waarna Harger (1941) verwys nog nie geïdentifiseer nie.

Die opgrawings op terrein 2526CB9, wat as MGS4 genommer is, het drie hutvloere, die oorblyfsels van 'n menslike geraamte en 'n ashoop ingesluit. Hut MGS4.1 stem baie ooreen met die hut wat op Rietfontein 89 JP (RFN2.1) opgegrawe is. Hoewel die hutvloer nie so goed behoue gebly het nie, kon sekere elemente tog onderskei word, soos gedeeltes van die kleiboë wat die hutvloer in twee verdeel het, die vuurherd en die stampblokholve (kyk foto 14 en 18 en plan 5.12). Twee potholtes, wat sowat 12 cm in deursnee is, kon in die verhewe gedeelte van die hutvloer onderskei word, wat sowat 10 cm hoër is as die laer gedeelte. Direk langs die vuurmaakholve, wat in die laer gedeelte van die hutvloer lê en drie ronderige klippe bevat, is 'n boonste maler aangetref. Die houtstampblokholve, wat ook in die laer gedeelte van die vloer voorkom, is sowat 34 cm in deursnee. Houtskool afkomstig van die stampblokholve is ontleed en behoort tot die gewone haakdoring (*Acacia caffra*). Die houtskool wat van die vuurherd net onderkant die kleiboë ingesamel is, behoort tot die Transvaalboekenhout (*Faurea saligna*), die karee (*Rhus lancea*) en doringbome (*Acacia* sp.). Hierdie houtskool het ook 'n radiokoolstofdatum van 400 ± 50 voor die hede (Pta-5416) opgelewer, wat soos volg gekalibreer kan word: 1462(1507,1596,1618)1638. Aangesien hierdie datum heelwat ouer was as dié van ander hutoorblyfsels op die terrein, is houtskool wat onder die muurpuin van die laer deel van dieselfde hutvloer herwin is (MGS4.1b) ook vir datering voorgelê. 'n Radiokoolstofdatum van 300 ± 50 voor die hede is verkry, wat soos volg gekalibreer kan word: 1638(1654)1669.

Die vloer van hut MGS4.2 word ook deur die oorblyfsels van kleiboë in twee dele verdeel (kyk foto 15 en 16, asook plan 5.13). Die paalmerke in die muurpuin wat die hutvloer bedek het, was duidelik sigbaar. 'n Potholve van sowat 10 cm in deursnee kon in die verhewe, agterste deel van die hutvloer onderskei word. Die vuurherdholve onderkant die kleiboë in die laer gedeelte van die hutvloer is sowat 50 cm in deursnee en bevat drie ronderige klippe. Daar kom ook 'n potholve en 'n stampblokholve in die laer, voorste gedeelte van die hutvloer voor. Houtskool afkomstig van die stampblokholve, wat sowat 25 cm in deursnee en ongeveer 15 cm diep is (kyk foto 17), is as *Acacia* sp. geïdentifiseer. Die houtskool tussen die drie klippe in die

vuurmaakholte het 'n radiokoolstofdatum van 210 ± 40 voor die hede (Pta-5650) opgelewer, wat soos volg gekalibreer kan word: 1669(1680)1693;1727(1755,1804)1816. Van die derde hut wat ondersoek is, hut MGS4.5, het behalwe die muurpuin slegs die vuurmaakplek met sy drie klippe behoue gebly (kyk foto 19). Houtskool van die vuurmaakplek het 'n radiokoolstofdatum van 230 ± 45 voor die hede (Pta-5784) opgelewer, wat soos volg gekalibreer kan word: 1661(1674)1686; 1735(1775,1799)1811.

Skerwe van slegs twee versierde potte is op die hutvloer MGS4.1 verkry (kyk figuur 5.18). Die oppervlakversameling, wat op of naby die hutvloeroorblyfsels op die terrein ingesamel is, sluit twee versierde heel bakke, een versierde heel pot, een onversierde heel potjie, potskerwe met lipgedeeltes afkomstig van 26 versierde houers, 'n versierde skerf sonder 'n liprand, 'n onversierde potskerf met 'n verdikte liprand en 'n gedeelte van 'n potdeksel in (kyk figuur 5.19-5.31). Die versierings op die potwerk is tipies van die Vroeë Moloko, en sluit polichrome bande in wat met rooi oker en/of grafiet gekleur is, dikwels in kombinasie met ingesnyde halfmaanvormige of boogpatrone ('arcs'). Onder die Pedi versinnebeeld hierdie versieringsmotief die *vulva* (Evers & Huffman 1988:740). Skuins insnydings onder die lipgedeelte van die potte is ook opvallend, en kom op 11 (35,48%) van die 31 versierde houers met 'n liprand voor.

Verdere oppervlakvondste op terrein 2526CB9 sluit twee metaalvoorwerpe in wat op een van die hutpuinkonsentrasies opgetel is. Een daarvan is 'n bronsarmband, met 'n deursnee van 61 mm en 'n dikte van 3mm, wat uit 6,8% tin en 92,7% koper saamgestel is. Die ander is 'n Hollandse knoopdop van geelkoper met 'n deursnee van tussen 9,5 en 10,5 mm. Twee gaatjies is daarin gemaak, sodat dit as 'n ornament kon dien (kyk Miller 1995:48-49; Miller & Markell 1993:107-108). Aangesien dit twyfelagtig is of Hollandse knoopdoppe die verre binneland voor die tweede helfte van die agtiende eeu kon bereik, is dit moontlik dat beide items uit konteks voorkom en eerder met die aangrensende latere klipbouval (terrein 2526CB10) verband hou.

Benewens die drie hutte is ook 'n askol in die suidwestelike gedeelte van die terrein opgegrawe. Hoewel onwaarskynlik, kan die moontlikheid nie heeltemal uitgesluit word nie dat die ashoop met die latere klipbouval (2526CB10) verband hou wat sowat 30 m suid daarvandaan begin nie. Twee aangrensende blokke van 2 m x 2 m in die askol, wat sowat 8 m van die naaste hut voorkom, is in arbitrêre lae van 10 cm opgegrawe totdat steriele bodem op ongeveer 20 cm bereik is. Benewens die faunarestes het die verskillende lae die volgende vondste opgelewer:

- MGS4.3.1: 65 onversierde potskerwe, 6 onversierde potskerwe met lipgedeeltes en 1 stukkie slak
- MGS4.3.2: 7 onversierde potskerwe, 2 onversierde potskerwe met lipgedeeltes, asook 2 potskerwe wat met grafiet en rooi oker versier is
- MGS4.4.1: 56 onversierde potskerwe, 9 onversierde potskerwe met lipgedeeltes, 2 versierde skerwe, 1 met 'n stilusversiering en die ander met grafiet en rooi oker gekleur, 1 kleihoring en 1 stukkie draad
- MGS4.4.2: 11 onversierde potskerwe en 2 onversierde potskerwe met lipgedeeltes.

Dit is opvallend hoe vlak die askolafsetting is (die oorgrote meerderheid van die vondste kom uit laag 1) en hoe min versierde potskerwe opgegrawe is. Behalwe een gebreekte en vyftien heel volstruiseierdopkrale met 'n deursnee wat varieer tussen 7,2 mm tot 14,2 mm, is daar 'n beenkraal opgegrawe wat uit die langbeenskag van 'n groot voël vervaardig is. Die spesielys wat op grond van die 1042 opgegraafde beenfragmente saamgestel is, sluit oorblyfsels van *Bos taurus*

(bees), *Ovis aries* (skaap), *Capra hircus* (bok), *Aepyceros melampus* (rooibok), *Lepus/Pronolagus* (haas) en skilpad in (kyk tabel 5.1). Indien die aantal identifiseerbare skeletoorblyfsels in berekening gebring word nadat vir skeletkompleksiteit voorsiening gemaak is, het *Bos taurus* vir *Ovis/Capra* in verhouding 1.5:1 oortref. Wat die minimum aantal individue betref, is daar egter slegs ses eksemplare van *Bos taurus* teenoor nege van *Ovis/Capra* onderskei (Plug & Meyer zu Bargholz 1991b:2).

Faurea saligna (Transvaalboekenhout) en *Acacia* sp. (doringbome) is in die houtskool afkomstig uit die ashoop geïdentifiseer (Esterhuysen 1994). Houtskool uit laag 2 van blok MGS4.3.2 van die ashoop het ook 'n radiokoolstofdatum van 240 ± 45 voor die hede (Pta-5785) opgelewer, wat soos volg gekalibreer kan word: 1658(1671)1684;1741(1788,1795)1808. Hierdie datum, asook die aard van die faunareste en die opgegraafde artefakte, dui daarop dat dit hoogs onwaarskynlik is dat die ashoop met die negentiende-eeuse bewoning van Rabogadi ten tye van die bewind van Mokgosi verband hou.

In een van die dongas in die noordelike gedeelte van die terrein het 'n menslike geraamte in 'n oop kol tussen 'n kring van hutte oopgespoel (kyk plan 5.13). Die area kon moontlik as 'n veekraal gedien het, maar geen fitoliettoetse is tot dusver op die ingesamelde grondmonsters uitgevoer om dit te bevestig nie. Die reste van die skedel en die postkraniale skelet, wat saam met 'n deurboorde skulp van die varswatermossel, *Unio/Aspatharia*, aangetref is, is sistematies verwyder en deur professor A.G. Morris (1992b) van die Universiteit van Kaapstad ontleed. Hy het dit as UNI4 in sy skeletkatalogus genommer (Morris 1992a:112). Van die kranium het die maksilla, die linkerkant van die gesig en die linkerkant van die kalvarium behoue gebly. Van die onderkaak ontbreek slegs die regter-*ramus*, maar die tandboog is volledig en die tande is nog in 'n baie goeie toestand. 'n Groot deel van die postkraniale skelet ontbreek, waaronder die linker-*femur*, die regter-*scapula* en verskeie *vertebrae*. Hoewel die bekken beskadig is, kon die ouderdom en geslag deels op grond daarvan steeds akkuraat bereken word. Volgens Morris (1992b:3) verteenwoordig die skelet 'n jong man wat in sy middel tot laat twintigerjare was toe hy gesterf het. Sy lengte was tussen 160 en 164 cm, en geen ooglopende patologiese oorsaak vir sy dood kon bepaal word nie. Hoewel dit moeilik is om op grond van 'n enkele vonds sodanige afleiding te maak, dui al die fisiese kenmerke van die individu volgens Morris (1992b:2) daarop dat dit as Negroïed geklassifiseer kan word. Beenkollageen van die skelet het 'n radiokoolstofdatum (Pta-7267) van 375 ± 20 jaar voor die hede opgelewer, wat soos volg kalibreer: 1511(1522,1565)1592;1621(1630)1637.

4. LATERE MOLOKOTERREINE

Soos in hoofstuk I, afdeling 4, aangedui is, het vroeëre opgrawings wat in Marico gedoen is, veral op die klipbouvalkomplekse van die Latere Molokofase betrekking. Ten opsigte van die huidige projek is toetsopgrawings op terrein 2526AC4 op Rietfontein 89 JP, terrein 2526CA26 (gedeeltes a en b) op Klaarstroom 237 JP, terrein 2526AC2 op Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP en terrein 2526AD5 op Riekersdam 109 JP uitgevoer. Die terreine op Klaarstroom en Kleinfontein (of Olifantspruit) is gekies omdat hulle vroeëre hoofsetels van die Bahurutshe booMenwe verteenwoordig, terwyl die terrein op Rietfontein 'n voorbeeld van een van die kleiner, mediumgrootte klipbouvalle in die navorsingsgebied is. Riekersdam is een van slegs 'n paar terreine naby die Marico- of Groot-Maricorivier waarop geen klipmure voorkom nie, maar wat ooglopend nie tot die Vroeë Molokofase behoort het nie.

a. Rietfontein 89 JP: terrein 2526AC4 (RFN1)

Terrein 2526AC4, 'n klipbouvalkompleks, lê op 'n rant in die noordwestelike hoek van die plaas Rietfontein 89 JP (25° 23' 52" suid; 26° 07' oos) en word aan die westekant deur 'n plaasgrensdraad en 'n plaaspad deurkruis. Hierdie gedeelte van die plaas, wat voorheen as Struan bekend was, maak ook deel van Orion-Wildplaas uit. Soos in die vindplekopname in hoofstuk III genoem is (kyk tabel 3.3), is dit 'n mediumgrootte klipbouval. Slegs 'n gedeelte van die terrein rondom die toetsopgraving in die klein ashoop teenaan 'n losstaande klipmuur is gekarteer (kyk plan 5.14). Die presiese funksie van die klipmuur is nie duidelik nie, maar dit kom naby drie veekrale voor en is moontlik in die area geleë waar die *kgotla* of vergaderplek van een van die vestigingseenhede geplaas kon word. Rondom die veekrale kom daar verskeie klipmure voor wat in 'n boogvorm gerangskik is en waarskynlik woonareas (*malapa*) afgeskort het. Hoewel geen opsigtelike hutvloerorblyfsels op die gekarteerde gedeelte opgemerk is nie, kom daar wel enkele kliphope voor wat as basis vir graanhouers kon dien en moontlik 'n aanduiding gee van waar die hutte geplaas is.

Die askol teenaan die klipmuur (kyk foto 20) is in drie arbitrêre lae van 10 cm elk opgegrawe (RFN1.1.1-RFN1.1.3) en het hoofsaaklik faunarestes opgelewer. In totaal is 2069 faunafragmente opgegrawe, waarvan die identifiseerbare eksemplare oorwegend tot *Bos taurus* en *Ovis/Capra* behoort (kyk tabel 5.2). Indien die aantal identifiseerbare skeletdele in berekening gebring word, was die verhouding tussen bogenoemde 3:1 (Plug & Meyer zu Bargholz 1991a:3). Daar is ook orblyfsels van wildspesies soos die blesbok (*Damaliscus dorcas*) en die buffel (*Syncerus caffer*) gevind, terwyl orblyfsels van die skilpad en die varswatermossel, *Unio/Aspatharia*, moontlik daarop dui dat hulle as voedselbron gedien het. Die opgraving het ook die faunarestes van 'n enkele *Canis* sp. opgelewer. Daarbenewens is daar 12 volstruiseierdopkrale en 16 krale van die skulp van die landslak, *Achatina*, teruggevind. Die deursnee van die volstruiseierdopkrale wissel van 5,1 mm tot 7,5 mm, en dié van die *Achatina*-krale van 5,0 mm tot 7,7 mm. Twee beenkrale wat uit die middelvoetbeenskag van 'n skaap of bok gemaak is, maar waarvan een nog onvoltooid was, is ook herwin. In laag 2 is daar 'n blou glaskraal opgediep; 2526AC4 is die enigste ander terrein in Suidoos- en Sentraal-Marico naas Kaditshwene op die grens tussen Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP en Bloemfontein 63 JP en Mmakgame op Vergenoegd 279 JP waar 'n soortgelyke vonds gemaak is. Vier kleistukkies, een in laag 1 en drie in laag 2, wat lyk soos die horings van beesbeeldjies, is opgegrawe. Laag 3 het ook twee stukke ysterslak en die boonste maler van 'n maalklip opgelewer. Houtskool van laag 3 van die ashoop het 'n radiokoolstofdatum van 220 ± 50 jaar voor die hede opgelewer (Pta-5432), wat soos volg gekalibreer kan word: 1663(1677)1693;1727(1768,1802)1816.

Die opgegraafde potwerk was by uitstek onversier: 188 onversierde skerwe in laag 1, 163 onversierde skerwe in laag 2 en 99 onversierde skerwe in laag 3. In laag 2 is drie versierde skerwe opgegrawe, waarvan twee tekens van randkeping ('rim-notching') getoon het. Die derde skerf, met inkeping net onder die lipgedeelte, word in figuur 5.33 uitgebeeld. By een van die klipmure op die terrein buite die gekarteerde area is daar ook 'n heel kleipot deur een van die plaaseienaar se werkers gevind (kyk figuur 5.32). Hierdie kleipot het 'n koniese potdeksel en was vol saad wat met 'n stukkie vel bedek was. Volgens Du Plessis (1990) behoort die saad tot die volgende spesies: *Citrullus lanatus* (tsamma en makataan), *Cucurbita maxima* (boerpampoen) en *Vigna unguiculata* (akkerbone). Dit is natuurlik 'n ope vraag of die pot met saad met die bewoning van die klipmuurterrein geassosieer kan word, en of dit in meer resente tye daar

geplaas is. Die vonds gee nietemin 'n aanduiding van die wyse waarop die Ystertydperkbewoners waarskynlik saad tot 'n volgende plantseisoen bewaar het.

Aan die westekant van die terrein kom daar ook 'n dagsoom van seepsteen voor wat deur die bewoners van die klipmuurkompleks benut kon word om onder meer bakke of rookpype te vervaardig. 'n Rookpyp is deur H.G. Robertson, 'n vorige eienaar van hierdie gedeelte van Rietfontein by een van die klipbouvalle op die plaas opgetel. Die pyp, wat deur Walton (1953a:96, 98) as 'n 'bevelled rim type' beskryf word en volgens hom uit 'sandsteen' gemaak is, is 153 mm lank en het 'n maksimum deursnee van 102 mm. Hoewel die presiese plek waarvandaan dit afkomstig is, nie bekend is nie, het Robertson ook vier steatietkrale by vermoedelik een van die talle klipbouvalle op Rietfontein opgetel (Laidler 1937:45).

b. Klaarstroom 237 JP (Mmutlagae)

Soos in hoofstuk II, afdeling 3, aangedui is, word daar in die opgetekende mondelinge oorleweringe van die Bahurutshe boomenwe gemeld dat Mmutlagae (of Mmutlawagae) op die teenswoordige Klaarstroom 237 JP in die loop van die agtiende eeu as hul hoofsetel gedien het. Uit die opgetekende oorleweringe is dit egter nie duidelik nie of Tirwe reeds in 1730 vanaf Mmutlagae geregeer het, soos Breutz (1953:94-95) bereken het, en of hy eers teen 1770-1790 in beheer was, soos uit Schapera (1942:3) se rekonstruksie van die geskiedenis van die Ngwaketse afgelei kan word. Die klipbouvalkompleks op Klaarstroom is op 'n rantjie geleë wat aan die voet van 'n hoër heuwelreeks lê wat tans as Zeerust-se-berge bekend staan. Dit bestaan uit verskillende woonareas, wat deur betreklik groot ruimtes van mekaar geskei word en vir meer as 'n kilometer in 'n oostelike rigting tot teenaan die Kareespruit strek. Twee eenhede van hierdie terreinkompleks, 2526CA26a (GPS:lesing van ashoop KSM1.1 op plan 5.15): 25° 31' 20,2" suid; 26° 01' 08,8" oos) en 2526CA26b (GPS:lesing van pot in muur op plan 5.16: 25° 30' 56,9" suid; 26° 01' 01,6" oos), is ondersoek. Indien die eenhede saam beoordeel word, verteenwoordig die klipbouvalkompleks op Klaarstroom 237 JP en die aangrensende Kareespruit 238 JP een van die grootste Ystertydperkwindplekke wat tydens die ondersoek in die navorsingsgebied opgespoor is. Volgens die inligting wat tans beskikbaar is, is slegs Kaditshwene, Mmakgame en Borutwe omvangryker.

(i) *Terrein 2526CA26a (KSM1.1)*

Soos op plan 5.15 aangedui word, bestaan terrein 2526CA26a uit 'n aantal klipmure waarvan die uitleg nie 'n opvallende patroon uitmaak nie. Dit kan deels toegeskryf word aan versteurings van die terreinuitleg deur resente bou-aktiwiteite op 'n gedeelte van die terrein. Sodanige versteuring van die terrein strek moontlik verder terug, aangesien Breutz (1956:160) meld dat van die klipmure op die aangrensende Kareespruit gestroop is om 'n 'fortified outlook' tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog te bou. Die funksie van die verskillende ruimtes wat gevorm word deur die mure wat met leiklip gepak is, sal dus slegs deur uitgebreide opgrawings bepaal kan word. Die toetsopgraving in een van die ashope, 'n blok van 2 m x 2 m (KSM1), is in 5 arbitrêre lae van 10 cm elk uitgevoer totdat steriele bodem op ongeveer 53 cm bereik is (foto 21).

Die toetsopgraving in ashoop KSM1.1 het 2545 beenreste opgelewer, waarvan 154 identifiseerbaar was (Plug & Meyer zu Bargholz 1994). Soos uit tabel 5.3 blyk, sluit die identifiseerbare spesies *Bos taurus* (bees), *Ovis/Capra* (skaap/bok), *Connochaetes taurinus*

(blouwildebees), *Alcelaphus buselaphus* (rooihartbees), *Damaliscus dorcas* (blesbok), *Lagomorph* (haas), skilpad en *Struthio camelus* (volstruis) in. Laasgenoemde is op grond van 28 volstruiseierdopkrale geïdentifiseer waarvan vyftien heel was. Die deursnee van hierdie krale wissel van 5,0 mm tot 7,8 mm.

Benewens die faunareste, het KSM1.1 ook 'n beduidende hoeveelheid potskerwe, houtskool, slak en tuyèregedeeltes opgelewer. In totaal het die vyf lae 180 potskerwe opgelewer, waaronder sewe met onversierde lipgedeeltes. Slegs uit laag 3 is 'n enkele versierde skerf met inkepings op die rand herwin (kyk figuur 5.33). KSM1.1.2 het ook 'n gebreekte rookpyp uit gebakte klei opgelewer (kyk figuur 5.35).

Die ashoopopgraving van KSM1.1 verskil van ander soortgelyke opgrawings in die navorsingsgebied vanweë die groot hoeveelheid ysterslak, oondklei en tuyèrefragmente wat dit opgelewer het. Die metaalbewerkingsoorblyfsels was oor al die lae heen en deur die hele blok versprei, hoewel die onderste drie lae (KSM1.1.3, KSM1.1.4, KSM1.1.5) die meeste daarvan bevat het. 'n Feitlik volledige tuyère kon uit verskillende kleistukke uit laag 3 en 4 gerekonstrueer word (kyk foto 22). Die bepaling van presiese afmetings is moeilik, maar hierdie tuyère, wat ongeveer 320 mm lank is, het 'n wanddikte van 23 mm en 'n opening waarvan die gemiddelde deursnee ongeveer 47 mm is. Die een punt van die tuyère is feitlik toegeslak, terwyl die ander punt 'n trompetvormige mond het, waarvan die deursnee aan die buiterand van die tuyèremond ongeveer 111,5 mm is. Die grootte van twee ander tuyèrefragmente uit laag 4 (KSM1.1.4), wat albei slakaanpaksels aan die een punt het, was ook opvallend, soos blyk uit die afmetings van die meetbare stukke: die een is ongeveer 20 cm lank, met 'n wanddikte van 18 mm en 'n opening van 59,3 mm in deursnee; die ander is ongeveer 12 cm lank, met 'n wanddikte van 21,3 mm en 'n opening van ongeveer 50 mm in deursnee. Daarbenewens is 'n tuyèrefragment met slakaanpaksel aan die een punt uit laag 4 teruggevind waarvan die wand opmerklik dunner as dié van bogenoemde fragmente was: dit is ongeveer 14 cm lank, met 'n wanddikte van 10,5 mm en 'n opening van ongeveer 46,3 mm in deursnee.

Volgens Duncan Miller (persoonlike mededeling, 20 Maart 1991) is die tuyères van Klaarstroom die grootste eksimplare wat hy nog in sy studie van Ystertydperkmetallurgie in Suid-Afrika teëgekomp het. Hoewel daar nog verdere ondersoek oor hierdie aangeleentheid nodig is, het hy hom in 'n skriftelike mededeling (15 Augustus 1995) soos volg oor tuyèregroottes uitgelaat: 'As far as I know there is no direct relationship between tuyère size and furnace dynamics. The smithing tuyères I have seen tend to be larger than furnace ones, and have a more flared trumpet shape.' 'n Ontleding van 27 stukkies slak uit laag 4 (KSM1.1.4) het egter daarop gedui dat dit nie van smidswerk afkomstig was nie, maar 'a bloomery iron smelting furnace slag which had cooled fairly slowly from high temperature in a reducing atmosphere' verteenwoordig het (Miller 1995:47). Hoewel dit uiters moeilik is om te onderskei tussen slak wat van die smelt- of smidsproses afkomstig is (Miller, Boeyens & Kusel 1995:41), sou die ontleding van 'n veel groter slakmonster uit die opgegraafde ashoop moontlik lig kan werp op die vraag of die groot tuyèrefragmente eerder met smidswerk verband hou.

Die aard van die metallurgiese oorblyfsels, asook die verspreiding daarvan deur die afsetting, maak dit uiters onwaarskynlik dat die area eers 'n smeltplek was en dat die ashoop later oor die reste van die smeltoond gevorm het. Houtskool afkomstig van laag 2 van die ashoop (KSM1.1.2) het 'n radiokoolstofdatum (Pta-5425) van 190 ± 40 voor die hede opgelewer, wat soos volg gekalibreer kan word: 1674(1686,1738)1775;1799(1810)1825;1834-1878.

(ii) *Terrein 2526CA26b (KSM2)*

KSM2 lê sowat 400 m noord van KSM1. In die area tussen die twee klipmuurkomplekse (GPS-lesing: 25° 31' 14,1" suid; 26° 01' 09,6" oos) kom daar verskeie ysterslakkonsentrasies en ook groot aambeeldklippe voor wat op metaalbewerking dui (kyk foto 23). 'n Gedeelte van die terrein 2526CA26b, wat deur 'n grensdraad in twee plaaseenhede verdeel word, is gekarteer (kyk plan 5.16). Op die terreinplan word ten minste twee groterige veekrale en die oorblyfsels van vyf hutte aangedui. Laasgenoemde word deur klipsirkels onderskei wat bestaan uit 'n enkele ry klippe wat in 'n sirkel ingeplant is om die basis van die hut se paal-en-klei-mure te vorm. Ongeveer 50 m ten noorde van die terrein (GPS-lesing: 25° 30' 50,8" suid; 26° 01' 04,4" oos) kom verskeie slakkonsentrasies en aambeeldklippe voor wat op die bewerking van yster dui.

In een van die klipmure wat waarskynlik 'n beeskraal afbaken (kyk plan 5.16), is 'n holte gelaat waarin 'n onversierde pot aangetref is waarvan slegs die bodem gebreek was (kyk foto 25). Die pot was ongeveer 24 cm hoog en die mondopening het 'n deursnee van 21 cm. Daarbenewens is twee langwerpige klippe opgetel waarin vlak gleuwe voorkom wat sowat 2,5 cm breed is. Die een klip is ongeveer 49,5 cm lank, 12,5 cm breed, 4,5 cm dik (kyk foto 24), terwyl die ander ongeveer 19 cm lank, 7 cm breed en 3 cm dik is. Albei die klippe, wat oënskynlik nie volledig behoue gebly het nie, het ongetwyfeld as basis vir die tipiese houtskuifdeure ('sliding doors') van die Tswana gedien. Volgens tydgenootlike beskrywings het sodanige houtskuifdeure teen die middel van die negentiende eeu nog steeds onder die Fokeng van Mokgatle naby Rustenburg voorgekom, terwyl dit ook by verskeie Latere Ystertydperkterreine geïdentifiseer is wat met die Tswana verbind word, onder andere by Olifantspoort, Thabeng, Molokwane en Matloang (Maggs 1993:32-33).

Tydens die verkenning van die terrein is daar in 'n area net noordwes van die klipmure ook enkele potskerwe op die oppervlak ingesamel wat op die oog af 'ouer' as die tipiese Latere Molokopotwerk vertoon het (kyk figuur 5.34 vir enkele voorbeelde). Hierdie waarneming is tydens die kartering van die terrein bevestig toe daar aan die noordwestekant van die klipmuurkompleks tekens van minstens drie hutte aangetref is wat kenmerke van die Vroeë Molokohutvorm vertoon. Soos in die beskrywing van die Vroeë Molokoterreine van Rietfontein 89 JP en Magozastad 248 JP aangetoon is, word hierdie hutte deur 'n kleirif met boë gekenmerk wat die hutvloer in twee dele verdeel. Hoewel dit dus moontlik is dat 'n vroeëre bewoningsfase op die terrein voorkom, kan hierdie ouer hutvorme bloot daarop dui dat die bewoning van die klipbouvalkompleks van terrein 2526CA26b verder teruggaan. Die opgrawings het op twee askolle gekonsentreer wat met die klipbouvalkompleks verband hou.

Askol KSM2.1

'n Blok van 2 m x 2 m is in 'n askol teenaan 'n klipmuur in 4 arbitrêre lae van 10 cm elk opgegrawe totdat steriele bodem bereik is. Benewens die faunarestes, het die opgrawings die volgende vondste oplewer:

- KSM2.1.1: 70 onversierde skerwe, waarvan 4 met lipgedeeltes; 2 skerwe wat met rooi oker gekleur is, 1 skerf wat met grafië en rooi oker gekleur is en 2 versierde skerwe met lyninsnydings of stempelafdrukke wat in figuur 5.33 uitgebeeld word
- KSM2.1.2: 1 stukkie ysterslak, 32 onversierde potskerwe, waarvan 2 met lipgedeeltes; 1 versierde skerf met lyninsnyding

- KSM2.1.3: 34 onversierde potskerwe; 1 potskerf met inkeping op die lipgedeelte (kyk figuur 5.33); 3 skerwe wat met rooi oker gekleur is, waarvan 2 met stilusafdrukke en 1 met lyninsnydings versier is; 1 stukkie ysterslak
- KSM2.1.4: 12 onversierde potskerwe.

Die houtskool van die eerste drie lae is ontleed (Esterhuysen 1994) en daaruit blyk dit dat veral *Acacia*-spesies soos *caffra* (gewone haakdoring), *karroo/nilotica* (soetdoring/lekkerruikpeuel) en *galpinii* (apiesdoring), maar ook *Faurea saligna* (Transvaalboekenhout) en *Rhus lancea* (karee) benut is (kyk tabel 5.6). Die houtskool van laag 4 is vir radiokoolstofdatering voorgelê en het 'n datum van 180 ± 45 voor die hede (Pta-5426) opgelewer, wat soos volg gekalibreer kan word: 1675(1689,1733)1772;1800(1813)1886.

KSM2.1 het 1096 faunarestes opgelewer waarvan 212 identifiseerbaar was. Soos uit tabel 5.4 blyk, kon die volgende spesies onderskei word: *Bos taurus* (bees), *Ovis/capra* (skaap/bok), *Gallus domesticus* (hoender), *Damaliscus dorcas* (blesbok), *Antidorcas marsupialis* (springbok), *Raphicerus campestris* (steenbok), *Aepyceros melampus* (rooibok), *Struthio camelus* (volstruis), varswaterkrappe en 'n kleinerige voël (Plug & Meyer zu Bargholz 1994). Die oorblyfsels van *Struthio camelus* sluit 85 heel en gebreekte volstuiseierdopkrale in waarvan die deursnee tussen 4,3 mm en 8,5 mm wissel.

Askol KSM2.2

'n Blok van 2 m x 2 m is in 'n nabygeleë askol (kyk plan 5.16) van dieselfde woonkompleks uitgemeet en in twee arbitrêre lae van 10 cm elk opgegrawe. Hierdie opgraving het benewens faunarestes, die volgende vondste opgelewer:

- KSM2.2.1: 31 onversierde potskerwe, waarvan 3 met lipgedeeltes; 1 potskerf wat met rooi oker versier is; 1 skuurklip sowat 5 cm in deursnee; die kleihoring van vermoedelik 'n beesfiguur.
- KSM2.2.2: 41 onversierde potskerwe, waarvan 3 met lipgedeeltes; 1 ysterlem met 'n stomp punt, sowat 8,5 cm lank, 1 cm breed en 2 mm op sy dikste.

Houtskool uit laag 2 van die askol het 'n radiokoolstofdatum van 140 ± 50 jaar voor die hede opgelewer, wat soos volg gekalibreer kan word: 1686-1738;1810(1884,1920)1944. Die faunaversameling van KSM2.2 bestaan uit 738 vondste waarvan 102 identifiseerbaar was. Uit die spesielys in tabel 5.5 blyk dit dat ten minste die volgende spesies onderskei kon word: *Bos taurus* (bees), *Ovis/Capra* (skaap/bees), *Canis* sp. (hond?), *Damaliscus dorcas* (blesbok), *Equus burchelli* (sebra), *Procavia capensis* (dassie), *Struthio camelus* (volstruis) en die landslak *Achatina*. Slegs drie volstruiseierdopkrale met 'n deursnee van onderskeidelik 7,0, 7,1 en 5,9 mm is herwin. Wanneer die aantal identifiseerbare skeletdele in die faunarestes van al drie opgrawings op Klarstroom in berekening gebring word, blyk dit dat die verhouding tussen *Bos taurus* en *Ovis/Capra* 2:1 was (Plug & Meyer zu Bargholz 1994:2).

c. Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP: terrein 2526AC2 (Kaditshwene)

In die bespreking van die dispuut in verband met die ligging van die Hurutshehoofstad in die vorige hoofstuk is daar aangetoon dat die groot klipbouvalkompleks op die rantereeks op die grens tussen die plase Kleinfontein (of Olifantspruit) 62 JP en Bloemfontein 63 JP as

Kaditshwene geïdentifiseer kan word. Daar is ook aangevoer dat dit moontlik is om die ligging van die sentrale gedeelte van die stamhoof se kompleks (die *kgōsing*), spesifiek dié van die openbare vergaderplek of *kgotla* en die groot beeskraal, aan die hand van John Campbell se sketse van Kaditshwene in Mei 1820 te bepaal. Vir opgrawingsdoeleindes is die grootste ashoop (KLF1.1) in die stamhoof se kompleks (kyk foto 50) en 'n nabygeleë hut (KLF2.1) geselekteer. Soos uit plan 5.17 blyk, is sowel die ashoop as die *lapa* waarin die hut gestaan het, digby die sentrale *kgotla* of openbare vergaderplek van die stamhoof geleë (GPS-lesing van die ashoop: 25° 21'25" suid; 26° 10' 3,5" oos). In Campbell se skets van die stamvergadering of *pitsō* wat op 10 Mei 1820 in die groot *kgotla* op Kaditshwene gehou is, word die ashoop word as 'n bultjie ten noordweste daarvan uitgebeeld, waarop 'n aantal mense gestaan het (kyk foto 47 en Campbell 1822[i]:268-269).

Opgrawing KLF1.1

Daar is aanvanklik 'n blok (A-B-C-D) van 4 m x 2 m oor die ashoop uitgemeet, maar na die eerste laag (0-10 cm) is die opgrawing tot 'n vierkant (A-B-E-F) van 2 m x 2 m verklein (kyk plan 5.18). Dit is onder andere gedoen om tyd en koste te bespaar, en hierna is alle ander ashope in die navorsingsgebied in blokke van dieselfde grootte (2 m x 2 m) opgegrawe. Die ashoop is in arbitrêre lae van 10 cm opgegrawe totdat rooierige, steriele bodem in laag 12 op ongeveer 115 cm bereik is. Hoewel daar plek-plek konsentrasies van hutpuin of houtskool in die vaalbruin asafsetting aangetref is, het dit geen deurlopende stratigrafiese patroon in die ashoop gevorm nie. Dit blyk duidelik uit die profieltekening van die sy A-B van die opgegraafde vierkant (kyk plan 5.18). Die ashoopopgrawing het benewens 'n groot versameling faunarestes en 'n klein aantal glaskrale, die volgende vondste opgelewer:

KLF1.1.1:	727 potskerwe waarvan 702 onversier is; 1 ysterlem en 1 stukkie slak; 'n ysterartefak, waarskynlik 'n skrapers of 'n klein dissel
KLF1.1.2:	112 potskerwe waarvan 102 onversier is; 3 kleihorings van vermoedelik 'n beesfiguur
KLF1.1.3:	185 potskerwe waarvan 168 onversier is; 1 ronde skerf met 'n deursnee van ongeveer 5 cm wat moontlik as weiprop gedien het
KLF1.1.4:	58 potskerwe waarvan 57 onversier is; 'n Hollandse geelkoperknoop met 'n deursnee van 16 mm waarin twee gaatjies aangebring is (kyk Miller & Markell 1993:107-108)
KLF1.1.5:	78 onversierde potskerwe
KLF1.1.6:	151 potskerwe waarvan 144 onversier is
KLF1.1.7:	55 onversierde potskerwe
KLF1.1.8:	107 potskerwe waarvan 106 onversier is
KLF1.1.9:	144 potskerwe waarvan 134 onversier is; 1 van die skerwe verteenwoordig waarskynlik kinderpotwerk
KLF1.1.10:	47 potskerwe waarvan 40 onversier is
KLF1.1.11:	55 potskerwe waarvan 54 onversier is
KLF1.1.12:	17 onversierde potskerwe.

In totaal is daar dus 1726 potskerwe uit die ashoopopgrawing verkry waarvan slegs 81 (4,6%) versier was. Soos in die sketse in figuur 5.36, 5.37 en 5.38 uitgebeeld word, kom polichrome potwerk voor waarin daar van rooi oker en/of grafiet gebruik gemaak is, 'n kenmerk van die Molokopotwerkstyl. Die opvallendste versieringsmotief was egter inkepings op die lip of rand van

die houer en stilusafdrukke. Die klein persentasie versierde potwerk bevestig die patroon wat by ander klipbouvalterreine in Marico opgemerk is, sowel by die opgegraafde terreine op Rietfontein 89 JP en Klaarstroom 237 JP as by die terreine wat tydens die opname verken is. Dit staan egter in kontras met die volgende opmerking van P.W. Laidler (1938:133), wat Kaditshwene in 1935 besoek en waarskynlik dieselfde groot ashoop waargeneem het as wat onlangs opgegrawe is: 'The middens around the chief's great place produced a preponderance of ornamented pottery, other middens a preponderance of plain...'. Laidler (1938:plaat XVII) het egter slegs enkele potskerwe van Kaditshwene afgebeeld, waarvan die versieringsmotiewe ooreenstem met dié wat tydens die onlangse opgrawings teruggevind is.

Die ysterartefak uit laag 1 word deur Miller (1995:48) as 'a spatulate scraper or small-bladed adze with a square cross-section shaft' beskryf. Die totale lengte daarvan is 119 mm, waarvan die skag sowat die helfte uitgemaak het. Die breedte van die lem is 35 mm en die massa van die voorwerp is 32,47g. Drie slakmonsters wat op die oppervlak by twee verskillende metaalbewerkingsareas aan die noordwestelike kant van die *kgôsing* versamel is, is ook deur Miller (1995:47) ondersoek. Slak afkomstig van 'n slakhoop wat ongeveer 7 m x 6 m groot is (GPS-lesing: 25° 21' 15,1" suid; 26° 09' 54,3" oos), is as 'bloomery iron smelting furnace slag' geklassifiseer. Hoewel gepoleerde seksies van twee slakmonsters van 'n nabygeleë area (GPS-lesing: 25° 21' 19,9" suid; 26° 09' 53,7" oos) aanvanklik daarop gedui het dat albei die resultaat van 'n ystersmeltproses was, het die chemiese analise teenstrydige resultate opgelewer. Terwyl die een monster (E1A) nie juis van ander ystersmeltslak van Marico verskil het nie, het die ander monster (E1B) ongeveer 1% koper bevat en is dit deur Miller (1995:47) as 'a copper working slag' geklassifiseer wat eerder van 'n kopersmeltoond as 'n kopersmidsoond afkomstig was. Die identifisering van koperslak is dikwels problematies, soos blyk uit die volgende stelling van Miller (1995:42): 'Efficient copper smelting can remove almost all the copper, leaving a lean slag with very low quantities of copper. In some cases copper working slags contain visible metallic iron ... which may mislead the investigator even further.'

Die opgrawing in ashoop KLF1.1 het 'n faunaversameling van 13 786 fragmente opgelewer waarvan 1087 (7,88%) identifiseerbaar was. Aangesien die ashoop na aan die sentrale *kgotla* van die stamhoof geleë was, kan daar aanvaar word dat dit nie net oorblyfsels van diere sou bevat wat deel van die normale dieet van die inwoners uitgemaak het nie, maar ook dié van diere wat tydens openbare vergaderings, hofsake of rituele geleenthede geslag en geëet is. Voorts sluit dit ook oorblyfsels in van diere wat waarskynlik as tribuut aan die stamhoof of regent oorhandig is, en waarvan sommige eerder om hul pelse of vere as hul vleis gesog was. Behalwe gedomestiseerde diere soos *Bos taurus* (bees), *Ovis aries* (skaap), *Capra hircus* (bok), *Gallus domesticus* (hoender) en *Canis familiaris* (hond), sluit die spesielys ook die volgende in: *Equus burchelli* (sebra), *Phaechocherus aethiopicus* (vlakvark), *Alcelaphus buselaphus* (rooihartbees), *Tragelaphus strepsiceros* (koedoe), *Redunca fulvorufula* (ribbok), *Pedetes capensis* (springhaas), *Lagomorph* (haas), *Struthio camelus* (volstruis), *Cercopithecus aethiops* (blou-aap), *Otocyon megalotis* (bakoorkjakkals), *Canis mesomelas* (rooijkakkals), *Ictonyx striatus* (stinkmuishond), *Hyaena brunnea* (bruinhiëna), *Panthera leo* (leeu), *Torgos tracheliotis* (swartaasvoël), *Saggitarius serpentarius* (sekretarisvoël), *Rattus rattus* (huisrot), die varswatermossels *Unio caffer*, *Unionidae* en *Aspatharia*, die varswaterkrab, *Potamonautis*, en die hartmossel *Veneridae* (kyk tabel 5.7).

Daar is 86 krale van volstruiseierdop en drie beenkrale teruggevind. Een van die beenkrale is moontlik van 'n voël afkomstig. Die deursnee van die volstruiseierdopkrale wissel van 3,2 mm tot 8,6 mm; 36 hiervan (41,86%) se deursnee lê tussen 4 mm en 6 mm. Hierbenewens is daar 43

glaskrale (40 heel en drie gebreek) uit die ashoop herwin wat deur Sharma Saitowitz (1991) van die Universiteit van Kaapstad bestudeer is (kyk tabel 5.9). Sy beskryf die krale soos volg: 'The majority of the beads from this collection can be classified as: Monochrome beads, type 11a. The method of manufacture was by the "drawn" technique. The bulk of the beads are small (i.e. between 2-4 mm) and the predominant colour is Bright Navy, Munsell No. 7.PB 2/8.' Die refraksie-indeks van 5 krale is bepaal (1.5610, 1.5504, 1.5534, 1.5205 en 1.5156) en dit is ietwat hoër as die gemiddeld wat vir krale van die Zulunederssettings, Mgungundlovu en Ondini, verkry is. Volgens Saitowitz (1991) kan dit moontlik aan die aanwesigheid van lood in die glas toegeskryf word, terwyl die variasie in die indekse daarop dui dat verskillende glasvervaardigers betrokke was.

Houtskool afkomstig van die ashoop is vir radiokoolstofdatering voorgelê en die volgende datums is verkry: Pta-5293 (KLF1.1.2 [laag 2]): 180 ± 20 voor die hede; Pta-5870 (KLF1.1.6 [laag 6]): 180 ± 45 voor die hede en Pta-5296 (KLF1.1.11 [laag 11]): 200 ± 20 voor die hede. Die datums dui dus daarop dat die ashoop oor 'n betreklik kort periode geakkumuleer het en kan soos volg gekalibreer word:

- Pta-5293 180 ± 20 vh: 1682(1689)1698;1720(1733)1745;1807(1813)1819
- Pta-5870 180 ± 45 vh: 1675(1689,1733)1772;1800(1813)1886
- Pta-5296 200 ± 20 vh: 1677(1682)1689;1733(1745)1768;1802(1807)1813.

Houtskool van ses lae wat nie vir dateringsdoeleindes gebruik is nie, is vir identifikasie voorgelê en 'n lys van 25 boomsoorte wat onderskei is, word in tabel 5.8 aangedui. Die lys dui slegs aan of 'n bepaalde spesie geïdentifiseer kon word, en nie hoeveel stukke daarvan onderskei kon word of watter persentasie van die houtskoolmonster dit uitgemaak het nie (Esterhuysen 1994). Uit die houtskoolanalise kan afgelei word dat 'n groot verskeidenheid boomspesies deur die inwoners van Kaditshwene benut is, maar van die 25 spesies wat onderskei is, is slegs *Acacia karroo/nilotica* (soetdoring/lekkerruikpeuel) en *Faurea saligna* (Transvaalboekenhout) in al ses lae aangetref. Ander spesies wat in ten minste vier lae voorkom, is *Canthium inerme* (doringels), *Celtis africana* (witstinkhout), *Combretum apiculatum* (rooiboswilg), *Croton gratissimus* (laventelkoorsbessie) en *Rhus lancea* (karee). Al die boomspesies wat onderskei is, kom tans nog op Kaditshwene of in die nabyheid daarvan voor, sodat daar uit die houtskoolanalise afgelei kan word dat die plantegroei in die omgewing van die Hurutshehoofstad destyds baie dieselfde was as wat teenswoordig die geval is. Soos in hoofstuk III, afdeling 3, aangetoon is, dui John Campbell se sketse van Kaditshwene gedurende sy besoek in Mei 1820 egter daarop dat daar destyds op die rant self slegs enkele groot bome voorgekom het. Die hout kon natuurlik vir verskillende doeleindes benut gewees het, onder andere as brandhout, vir die bou van hutte en krale, asook die vervaardiging van ornamente en gebruiksvorwerpe.

Opgrawing KLF2.1

Die oorblyfsels van hut KLF2.1 maak deel uit van die wooneenhede (*malapa*) wat direk noord van die sentrale *kgotla* en beeskraal van die *kgôsing* geleë is (kyk plan 5.17). Soos in hoofstuk VI, afdeling 3.a, aangetoon sal word, is hierdie *malapa* tydens John Campbell en Stephen Kay se besoeke aan Kaditshwene waarskynlik deur die regent, Diutlwileng, en sy gesinnegroep bewoon. Agter hut KLF2.1 kom daar nog 'n kleiner klipsirkel en 'n kliphopie voor. Al hierdie strukture word deur 'n halfmaanvormige klipmuur van Magaliesbergkwartsiet, wat op foto 52

sigbaar is, van die aangrensende *lapa* afgeskort. KLF2.1 lê ook na aan die opgegraafde ashoop, KLF1.1, en dit is 'n ope vraag of die hut voor of na die vorming van die ashoop verlaat is.

Weens reën ten tye van die opgrawing kon 'n gedeelte van die voorste deel van die hutvloer links van die deuropening nie opgegrawe word nie. Soos uit plan 5.19 en foto 53 blyk, was die hut ongeveer 6,2 m in deursnee en is die omtrek daarvan deur 'n ry regopstaande klippe gevorm wat waarskynlik die paal-en-klei-muur gestut het. Een van die klippe in die agterste deel van die muurbasis is 'n gebreekte maalklip wat na die binnekant van die hut wys. Aan weerskante van die deuringang, wat deur 'n opening van 90 cm in die klipsirkel onderskei kan word, kom daar ook 'n ry klippe voor wat moontlik die basis van twee skermure aan die voorkant van die hut gevorm het. In die heel agterste gedeelte van die hut lê daar 'n hele aantal klippe waarop 'n graanhouer geplaas kon gewees het. Dik kleistukke wat hier aangetref is, dui daarop dat die graanhouer moontlik van klei was.

Aan die voorkant van die ruimte waarin die graanhouer kon staan, is daar enkele klippe aan die binnekant van die muurbasis gepak wat vermoedelik die agterste deel van die hutvloer van die voorste deel skei. Twee maalklippe, 'n boonste maler en die grootste gedeelte van 'n onversierde potjie, waarvan die mondopening 'n deursnee van ongeveer 11 cm het, kom in die linkerhelfte van die voorste deel van die hutvloer voor. Min of meer in lyn daarmee in die regterhelfte van die hutvloer is drie onpatroonmatige klippe en 'n askol teëgekrom. Hoewel dit geen duidelike holte soos die vuurherde van die Vroeë Molokohutte vorm nie, het die askol waarskynlik as 'n vuurmaakplek gedien. Benewens 'n enkele versierde potskerf (kyk figuur 5.38) en verskeie onversierde skerwe, is 260 beenfragmente in die askol herwin. Slegs 8% van die bene was identifiseerbaar en die volgende spesies kon onderskei word: *Bos taurus* (bees), *Ovis/Capra* (skaap/bok) en *Tragelaphus strepsiceros* (koedoe). Volgens Plug en Meyer zu Bargholz (1993) is dit te betwyfel of die faunareste die laaste maaltyd van die hutbewoners verteenwoordig het, maar dui die verskeidenheid spesies eerder daarop dat die vuurmaakplek nie gereeld skoongemaak is nie.

Heelwat houtskool is ook in die omtrek van die askol ingesamel, maar die konteks daarvan was onseker, aangesien daar ook 'n groterige stomp gelê het wat moontlik uit 'n resente veldbrand dateer. Om hierdie rede is die houtskool nie vir dateringsdoeleindes benut nie. Oorblyfsels van die hutvloer, wat ongeveer 10 mm dik was, was slegs plek-plek sigbaar. Die grond bokant die vloeroppervlak het 'n rooi of swart kleur vertoon, maar slegs enkele stukkies verbrande muurpuin is aangetref. Verdere ondersoek is dus nodig om te bepaal of die hut oorspronklik deur 'n brand in puin gelê is. Daar is ook geen verkoalde hutpaal in die opgegraafde deel teruggevind wat daarop dui dat die dak deur 'n sentrale paal gestut is nie.⁴

Links voor die hut, maar nog steeds binne die halfmaanvormige klipmuur wat die wooneenheid (*lapa*) afbaken, is daar 'n maalklip met 'n vlakkerige holte aangetref (kyk foto 54). Verder het daar regs voor die ingang tot die hut 'n klip gelê wat 39,5 cm lank, 10 cm breed en 3,5 cm dik is (kyk foto 55). Die klip het sonder twyfel as die basis van 'n houtskuifdeur gedien, aangesien dit 'n gleuf bevat wat 3 cm breed is. Die stuk horingfels wat vir die skuifdeurbasis gebruik is,

⁴ Heelwat meer potskerwe, kleistukke van vermoedelik graanhouers, gebrande hutpuin, 'n gedeelte van 'n verbrande houtskuifdeur, asook verkoalde hutmuurpaaltjies, is tydens die meer onlangse opgrawing van hut BLF1.1 in die *kgôsing* (kyk plan 5.17) teruggevind. Die verwerking van die opgrawingsdata van hierdie hut moet egter nog voltooi word.

is volgens 'n X-straaldefraksie-analise uit 41% mika, 29% kordieriet, 20% kwarts, 5% plagioklaas en 5% mikroklien saamgestel (Raad vir Geowetenskappe, 'Taaknr. 97/050').

d. Riekersdam 109 JP: terrein 2526AD5

Soos in die terreinopname in hoofstuk III, afdeling 4.b en tabel 3.4, uiteengesit is, is 'n aantal vindplekke binne enkele kilometer van die Marico- of Groot-Maricorivier opgespoor (2526AD2, 2526AD4, 2526AD5 en 2526AD6), wat nie ingepas het by die patroon van die tipiese klipmuurterreine van die Latere Moloko nie. Wat die klassifikasie en ouderdom van hierdie terreine betref, was daar drie moontlikhede: (a) hulle kon kontemporêr met die klipmuurterreine van die Tswana uit die Latere Ystertydperk ($\pm 1650-1823$) voorgekom het, maar in uitleg verskil het omdat hulle 'n ander funksie vervul het, moontlik vanweë hul ligging na aan die rivier; (b) hulle kon uit die *difaqane*-periode dateer ($\pm 1823-1837$) en moontlik die woonplekke van die Ndebele van Mzilikazi of hul verarmde Tswana-onderdane verteenwoordig; (c) hulle kon uit die periode net kort voor of na die vestiging van die eerste blankes in die gebied in 1848 dateer.

Ten einde uitsluitel oor hierdie kwessie te verkry, is toetsopgrawings gedoen op een van die terreine, 2526AD5, wat sowat 3 km oos van die Groot-Maricorivier op die plaas Riekersdam 109 JP geleë is ($25^{\circ} 26' 30''$ suid; $26^{\circ} 25'$ oos). Geen klipmure kom op hierdie terrein voor nie, maar wel ses kliphopies wat moontlik as die basis vir die plasing van graanhouers kon gedien het (vgl. foto 69). Een van hierdie kliphopies is verwyder, maar geen verdere argeologiese strukture of oorblyfsels is daaronder gevind nie. Geen duidelike tekens van moontlike hutte is opgemerk nie, maar indien aanvaar word dat graanhouers gewoonlik naby hutte geplaas is, dien die getal kliphopies moontlik as aanduiding van die minimum aantal hutte in die nedersetting.

Soos uit plan 5.20 afgelei kan word, is die kliphopies nie in 'n duidelike patroon gerangskik nie. 'n Askol tussen twee van die kliphopies is vir opgrawing geselekteer, en twee aangrensende blokke van 2 m x 2 m is met die oog daarop uitgemeet. Die terrein lê in turfagtige gebied en die grond was derhalwe hard en moeilik om op te graawe. Aangesien geen natuurlike stratigrafie sigbaar was nie en die terrein die indruk van kortstondige bewoning gegee het, is die blokke in arbitrêre lae opgegrawe. Blok RDM1.1 is in drie arbitrêre lae van 10 cm elk opgegrawe (RDM1.1.1-1.1.3) totdat steriele grond op 'n diepte van ± 30 cm bereik is. In die aangrensende blok, RDM1.2.1, is steriele grond op 'n diepte van ± 10 cm bereik. Afgesien van die faunarestes, sien die vondstelys soos volg daar uit:

- RDM1.1.1: 183 onversierde potskerwe, 14 onversierde lipgedeeltes van potskerwe, 2 lipgedeeltes van potskerwe met inkepings op die rand, 1 ronde skuurklip, sowat 5 cm in deursnee, 1 onidentifiseerbare gedeelte van 'n kleifiguurtjie
- RDM1.1.2: 150 onversierde potskerwe, 2 skerwe wat met rooi oker gekleur is, 12 onversierde lipgedeeltes van potskerwe, 1 lipgedeelte met randkeping, 1 potskerf, vermoedelik afkomstig van 'kinderpotwerk', en 1 spykeragtige stukkie yster, sowat 5 cm lank
- RDM1.1.3: 44 onversierde potskerwe, 3 onversierde lipgedeeltes van potskerwe en 3 stukkie 'kinderpotwerk'
- RDM1.2.1: 54 onversierde potskerwe en 6 onversierde lipgedeeltes van potskerwe.

Hierbenewens is daar ook die boonste malers van maalklippe op die oppervlak opgemerk. Ander oppervlakovondste sluit die handvatseknop van 'n potdeksel en 'n gedeelte van 'n klei-os in. Die

versieringsmotief op die drie potskerwe, bekend as 'randkeping', is tipies van die laat fase van die Molokotradisie (kyk figuur 5.33). Geen volstruiseierdop- of ander krale is gevind nie.

Houtskool uit laag 3 van die eerste blok (RDM1.1.3) is geïdentifiseer as behorende tot *Faurea saligna* (Transvaalboekenhout) en *Acacia karroo/nilotica* (soetdoring/lekkerruikpeul) (Esterhuysen 1994). Houtskool van laag 1 van die eerste blok (RDM1.1.1) het 'n radiokoolstofdatum (Pta-5869) van 205 ± 25 voor die hede opgelewer, en laag 2 van dieselfde blok (RDM1.1.2) 'n radiokoolstofdatum (Pta-5424) van 200 ± 40 jaar voor die hede. Die twee datums kan soos volg gekalibreer word:

- Pta-5869: 1674(1681)1689;1733(1749)1775; 1799(1806)1813
- Pta-5424: 1671(1683)1698;1720(1745)1780;1795(1807)1819;1852-1867.

Die opgegraafde faunamonster bestaan uit 2172 fragmente, en op die oog af vertoon die faunalyse van Riekersdam (kyk tabel 5.10) 'n normale Ystertydperkprofiel op grond van die spesies wat onderskei is: bees (*Bos taurus*), skaap (*Ovis aries*), bok (*Capra hircus*), hoender (*Gallus domesticus*), buffel (*Syncerus caffer*), blouwildebees (*Connochaetes taurinus*), rooibok (*Aepyceros melampus*), rooihartbees (*Alcelaphus buselaphus*), haas (*Lepus/Pronolagus*) en varswatermossels (*Unio/Aspatharia*) kom voor. Die verhouding van *Bos taurus* tot *Ovis/Capra* is 8 tot 1, indien die aantal identifiseerbare skeletdele, met inagneming van skeletkompleksiteit, in berekening gebring word. Volgens Plug & Meyer zu Bargholz (1992:2) kom dit ook voor of daar ten opsigte van *Bos taurus* meer jong diere as volwasse diere geslag is.

Soos te wagte kon wees, was die radiokoolstofdatums nie presies genoeg om uitsluitel oor die ouderdom van die terrein te gee nie, hoewel dit tog dui op 'n Ystertydperkbewoning, dit wil sê op moontlikheid (a) hierbo. Tydens die aanvanklike fauna-ontleding in 1992 is een van die bene wat in RDM1.1.2 opgegrawe is, egter as 'n 'left scapula glenoid fragment' van 'n donkie of perd (*Equus asinus/caballus*) geklassifiseer. Aangesien perde, en veral donkies, eers na die blanke besetting van Marico in 1848 permanent in die gebied ingebring is, is daar aanvanklik op grond van hierdie vonds aanvaar dat die vindplek eerder uit die historiese tydperk dateer en nie onder die Latere Ystertydperkterreine van die navorsingsgebied gereken behoort te word nie. Die feit dat geen ander artikel van Europese oorsprong op die terrein teruggevind is nie, was egter moeilik verklaarbaar en daarom is die betrokke *scapula*-fragment aan die einde van 1996 weer vir ontleding aan die Departement Argeodierkunde van Transvaalmuseum voorgelê. In die herondersoek is bevind dat die vonds in werklikheid van 'n sebra (*Equus burchelli*) afkomstig was, 'n verdere bevestiging dat die terrein waarskynlik kontemporêr met die klipmuurkomplekse van die Latere Ystertydperk bewoon is.

5. SAMEVATTING

Toetsopgrawings op elf Latere Ystertydperkvindplekke (of gedeeltes daarvan) in Suidoos- en Sentraal-Marico het 21 radiokoolstofdatums opgelewer op grond waarvan dit moontlik is om die tydsduur van die Latere Ystertydperk van ongeveer die middel van die vyftiende eeu n.C. tot die begin van die negentiende eeu af te baken (kyk tabel 5.11). Hoewel die presiese datum vir die aanvang van die Latere Ystertydperk in die onderhawige gebied slegs deur verdere ondersoeke bepaal sal kan word, dui die radiokoolstofdatums van terrein 2526AC8a en 2526AC9 op Rietfontein 89 JP daarop dat die omgewing van Tswenyane in Sentraal-Marico reeds teen die

middel van die vyftiende eeu n.C. deur draers van die Molokopotwerktradisie bewoon is. In teenstelling hiermee dui slegs een van die radiokoolstofdatums van terrein MGS4 (2526CB9) op Magozastad 248 JP (Pta-5416) op 'n moontlike vyftiende-eeuse bewoning. Hoewel die radiokoolstofchronologie ook nie 'n vroeg-agtiende-eeuse bewoning uitsluit nie, kan al die datums van terrein MGS4 (2526CB9), oftewel Rabogadi, volgens dr. J.C. Vogel (skriftelike mededeling, 17 Februarie 1993 en persoonlike mededeling, 6 Augustus 1996) met 'n sewentiende-eeuse datum vereenselwig word, indien dit gesamentlik beoordeel word.

In die geheel gesien, verteenwoordig die opgegraafde terreine op Magozastad in Suidoos-Marico dus 'n ietwat later fase van die Vroeë Moloko as die terreine op Rietfontein in Sentraal-Marico. Veral ten opsigte van terrein 2526CB9 (MGS4) word hierdie afleiding gesteun deur die opgetekende mondelinge oorleweringe van die Lete, wat verhaal dat hulle hul teen die middel van die sewentiende eeu by Rabogadi gevestig het. Dat die Magozastadterreine 'n latere ontwikkeling van die Vroeë Molokofase uitmaak, blyk ook moontlik daaruit dat daar meer klipmure op terrein 2526CB9 (MGS4) op Magozastad voorkom as op die Vroeë Molokoterreine op Rietfontein. Andersins is daar 'n groot mate van ooreenstemming tussen die Vroeë Molokoterreine van die twee areas ten opsigte van hul ligging, potwerk en hutvloeroorblyfsels.

Soos in die bespreking geblyk het, was die Vroeë Molokonedersettings betreklik klein, veral as hulle met latere groot klipbouvalkomplekse soos Kaditshwene en Mmakgame vergelyk word. Ander veranderinge in die vestigingspatroon van die Latere Moloko sluit in die verskuiwing van nedersettings van voetheuwels na terreine teen heuwelhange of bo-op rante, die afwesigheid van kleiboë in die hutvloer, die bou van muurbasisse met klip, asook die grootskaalse gebruik van klip om veekrale en die afskortings van wooneenhede (*malapa*) op te rig. Potwerk wat op klipbouvatterreine aangetref word, is ook minder versier, hoewel die basiese veelkleurige patrone van die Vroeë Molokotradisie behoue gebly het. Ofskoon die toetsopgrawings in die ashoopafsettings van die Latere Molokoterreine waarskynlik te beperk was om duidelike patrone te onderskei, is geen opvallende houtskoolkonsentrasies of steriele grondlae daarin waargeneem nie. Sodanige verskynsels sou moontlik kon dui op óf die voorkoms van brande, óf die tydelike verlating van die terrein óf die verseëling van die ashoop, moontlik weens rituele redes.

Die chronologie van die oorgang na die Latere Moloko kan nie alleen op grond van die radiokoolstofdatums vir die Vroeë Molokoterreine bepaal word nie, maar die prentjie word duideliker indien die radiokoolstofdatums vir die Latere Molokoterreine in berekening gebring word. Geen radiokoolstofdatum wat tydens die onlangse opgrawings vir Latere Molokoterreine verkry is, en ook geeneen van Mason (1986) se radiokoolstofdatums vir die klipmuurkompleks op Vergenoegd 279 JP, kalibreer tot vroeër as die middel van die sewentiende eeu nie. Uit bogenoemde radiokoolstofdatums blyk dit dat die begin van die Latere Molokofase in Marico uit die tweede helfte van die sewentiende eeu n.C. dateer. Die radiokoolstofdatums is egter nie akkuraat genoeg om die presiese bewoningschronologie van die verskillende Latere Molokoterreine te bepaal nie.

In hierdie opsig sal daar grootliks op die opgetekende mondelinge oorleweringe en dokumentêre bronne teruggeval moet word. Uit die radiokoolstofdatums van Kaditshwene kan egter afgelei word dat die ashoop naby die sentrale *kgotla* van die *kgôsing* oor 'n kort periode gevorm is. Die feit dat daar geen duidelike misafsetting in die groot beeskraal naby die opgegraafde ashoop, KLF1.1, voorkom nie, is moontlik 'n verdere bevestiging dat die Hurutshe hul hoofsetels, of ten minste die stamhoof se gedeelte van die *kgôsing*, nie vir langer as 'n generasie of twee bewoon

het nie, maar van tyd tot tyd verskuif het. Die radiokoolstofdatums vir Mmutlagae, die klipbouvalkompleks op Klarstroom, dui weer daarop dat, anders as wat deur Breutz (1953) op grond van mondelinge oorleweringe bereken is, die terrein waarskynlik nie in die eerste helfte van die agtiende eeu nie, maar eers in die tweede helfte van die agtiende eeu bewoon is. Sodanige interpretasie sou korreleer met Schapera (1942) se chronologie van die regeringstydperk van Tirwe, wat volgens Hurutshe-oorlewering vanaf Mmutlagae as stamhoof gefunksioneer het.

Die nuwe reeks opgrawings in Suidoos- en Sentraal-Marico vul die enkele opgrawings aan wat vroeër in die gebied deur Van Hoepen en Hoffman (1935), Mason (1986), Küsel (1979) en Friede en Steel (1981) gedoen is, en waarna in afdeling 4 van hoofstuk I verwys is. Die opgegraafde materiaal dek verskeie aspekte van die leefwyse van die vroeë Tswanabewoners van hierdie geweste, soos woonstrukture, vestigingspatroon, voedselverkryging, metaalbewerking en handel. Die inligting wat uit al hierdie argeologiese ondersoeke verkry is, asook dié wat in mondelinge oorleweringe, dokumentêre bronne en etnografiese verslae vervat is, word in hoofstuk VI geïntegreer tot 'n rekonstruksie van aspekte van die leefwyse van die Latere Ystertydperkbewoners.